

DIDAKTIESE RIGLYNE VIR DIE SKEP VAN 'N POSITIEWE KLASKLIMAAT AAN 'N SEKONDÊRE SKOOL

Andrew Dariús Abdool

B.A., H.O.D.(N) Voorligting, B.Ed.

Skripsie voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Educationis in die Nagraadse Skool vir Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Studieleier : Prof. N.J. Vreken

Potchefstroom
2000

Met liefde opgedra aan my ontslape ouers
Dullie en Venus Abdool & Cecelia Liesching

sowel as aan

Cecelia, Peter, Nathan & Corrie en Naomi
en ons kleinkinders
Logan, Alastair en Venus

BEDANKINGS

Ek betuig my opregte dank en waardering aan die volgende persone en instansies:

- My studieleier, professor N.J. Vreken, vir sy deurslaggewend, inspirerende en wetenskaplike leiding wat 'n besondere bydrae gelewer het tot my studie. Mag God u ryklik seën.
- Die personeel van die Ferdinand Postma Bibilioteek vir hulle vriendelikheid en hulpvaardigheid.
- Mev. W. Breytenbach van die Statistiese Konsultasiediens van PU vir CHO vir haar hulp tydens die verwerking van die data.
- Klerksdorponderwysdistrik in die Noordwes Onderwysdepartement vir toestemming aan my verleen om die ondersoek voort te sit.
- Mnr. C.G. Olivier – prinsipaal, alle kollegas en leerlinge van Alabama Sekondêre skool vir die voltooiing van die vraelyste.
- Professor M.C.A. Seyffert vir die noukeurige wyse van taalkundige versorging van die skripsie.
- Mev. R. Vreken van Grafiese Dienste van PU vir CHO vir die ontwerp van die grafiese voorstellings.
- Mev. S.C. de Bruyn vir vriendelikheid en hulpvaardigheid sowel as vir die tegniese versorging.
- Dr. M. Scott vir die taalversorging van die “Abstract”.
- Naomi en Cecelia dankie vir al die motivering en bystand.
- Adrian en Elize vir julle onderskraging en aanmoediging.
- Alfred en Andra vir julle belangstelling en ondersteuning.
- Mnr. Branwen Challens, my vriend, kollega en medestudent: dankie vir jou aanmoediging, liefde en hulpvaardigheid.
- Mnr. M.G. Koopman vir u bystand met die verpreiding en sortering van die vraelyste en u voortdurende belangstelling en aanmoediging wat ek ontvang het.
- My grootste dank aan my Hemelse Vader vir sy genade, hulp en leiding deur my studiejare. Sonder sy onderskraging sou alle pogings misluk het.

Geldelike bystand gelewer deur die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling (RGN, Suid-Afrika) vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings uitgespreek en gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie noodwendig aan die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling toegeskryf word nie.

OPSOMMING

DIDAKTIESE RIGLYNE VIR DIE SKEP VAN 'N POSITIEWE KLASKLIMAAT AAN 'N SEKONDÊRE SKOOL

'n Klaskamer waar 'n positiewe leeratmosfeer geskep is, is meer stimulerend en bevorderlik as een met 'n negatiewe leerklimaat. Omdat die onderwyser die klimaatskepper is, is dit belangrik dat hy/sy sekere didaktiese riglyne moet volg om so 'n atmosfeer te skep.

In hierdie studie is daar 'n ondersoek geloods na watter didaktiese riglyne 'n onderwyser kan volg om 'n positiewe onderrigklimaat te skep. Kruger en Van Schalkwyk (1992:104) is van mening dat as die klasklimate hartlik, warm en innemend is, is almal ontspanne, ervaar almal die saamwees as aangenaam, bied dit elkeen ruimte om sy ware self te wees en is leerlinge sowel as onderwysers bereid om hulleself oop te stel en betrokke te wees. As die leerklimate, daarenteen styf, koud en klinies is, is die deelnemers gespanne, stroef en in hulself gekeer en nie bereid om hulself aan ander te openbaar nie.

In die ondersoek is daar sekere doelstellings nagestreef, naamlik:

- Om vas te stel wat 'n positiewe klasklimate is?
- Om te bepaal watter didaktiese maatreëls daartoe aanleiding gegee het;
- om die klimate wat tans by sekondêre skole bestaan, vas te stel;
- om die metodes en tegnieke wat gebruik kan word om 'n positiewe klasklimate te skep, te identifiseer, en
- om didaktiese riglyne aan onderwysers voor te stel om klasklimate te optimaliseer,

Die eerste twee doelstellings word bereik deur 'n omvattende literatuurstudie. Hier is sekere bevindinge gemaak wat 'n antwoord was op die probleemvrae.

Die derde doelstelling is bereik deur middel van 'n empiriese ondersoek aan 'n bepaalde sekondêre skool om te bepaal watter klimaat tans by die skool bestaan. Deur middel van die ondersoek is daar bepaal dat die leerlinge die klimaat positief ervaar behalwe rondom twee veranderlikes. Alhoewel die resultate nie prakties betekenisvol is nie was daar wel 'n verskil tussen die seuns en dogters, sowel as die Afrikaanssprekende en die swart leerlinge wat sprekers van die inheemse tale is.

Die vraelyste wat aan die onderwysers uitgereik was, het basies dieselfde riglyne aangedui as dié wat in die literatuurstudie voorkom.

Daar is verskeie aanbevelings gemaak in Hoofstuk 5 vir verdere navorsing. Verdere navorsing is belangrik omdat die onderwyssituasie Suid-Afrika uniek is en dat oplossings vir die probleme gevind moet word.

Die sleuteltermes wat gebruik is, is soos volg:

classroom climate, educational didactics, classroom environment, classroom techniques, teaching methods, secondary education.

ABSTRACT

DIDACTIC GUIDELINES FOR CREATING A POSITIVE CLASSROOM CLIMATE IN A SECONDARY SCHOOL

A positive classroom is more conducive to learning than a negative one. Since the teacher creates the classroom climate, it is important for him or her to follow certain didactic guidelines for creating the right climate.

This study investigated the implementation of specific didactic guidelines for creating a climate the most conducive to learning.

Kruger and Van Schalkwyk (1992:104) are of the opinion that if a classroom climate is hearty, warm and appealing, everybody is relaxed, and experiences the togetherness as pleasant. Such a setting offers each individual the opportunity for being his or her true self, and the teacher as well as the students are willing to open up and become involved. Should the classroom climate be stiff, cold and clinical, however, the participants become tense, stiff, and introverted. They become unwilling to reveal themselves to one another.

The study was aimed at answering specific problem questions, namely:

- What does a positive classroom climate entail?
- Which didactic measures ensure a positive climate?
- What is the current classroom climate at secondary schools?
- Which methods and techniques can be implemented to create a positive climate?
- Which didactic guidelines can be presented to teachers for optimising the classroom climate?

The first two questions were investigated by means of a literature study. Certain findings led to the answers to the problem questions.

The third question was answered through an empirical study aimed at determining the climate of a specific secondary school. The study revealed that the students in general experienced the climate as positive. Two control variables, namely gender and language, however, showed slight differences of opinion. Although the results showed no practical statistical significance, a difference was noted between the opinions of girls and boys, as well as between Afrikaans speaking students and students speaking African languages.

The questionnaires the teachers completed, were based on the same guidelines for creating classroom climate as were found in the literature study.

In chapter 5 various recommendations for further research in this field, relevant to South Africa in particular, were made since it is believed that the school situation here is unique. Further research can offer solutions to persistent problems.

The key words used are as follows:

classroom climate, educational didactics, classroom environment, classroom techniques, teaching methods, secondary education.

INHOUD

Opsomming.....	ii
Abstract	iv
Tabelle- en Figurelys	ix

HOOFSTUK 1

INLEIDING.....	2
1.1 PROBLEEMSTELLING EN MOTIVERING	2
1.2 DOEL VAN DIE NAVORSING.....	4
1.3 NAVORSINGSMETODE	5
1.3.1 Literatuurstudie	5
1.3.2 Empiriese ondersoek	5
1.3.2.1 Vraelyste	5
1.3.2.2 Populasie	5
1.3.2.3 Dataverwerking	6
1.4 HOOFSTUKINDELING	6

HOOFSTUK 2

KLASKLIMAAT EN DIE FAKTORE WAT DIT BEÏNVLOED	7
2.1 INLEIDING	7
2.2 DIE BEGRIP KLASKLIMAAT	7
2.3 Tipes KLASKLIMAAT	9
2.4 KENMERKE VAN 'N POSITIEWE KLASKLIMAAT	12
2.5 FAKTORE WAT 'N BYDRAE LEWER TEN OPSIGTE VAN 'N POSITIEWE KLASKLIMAAT	14
2.5.1 Skoolklimaat as determinant van klasklimaat	16
2.5.2 Die onderwyser as klimaatskepper	16
2.5.3 Leerlinge	18
2.5.4 Die onderrigleerproses	19
2.5.5 Interpersoonlike verhoudinge	22
2.5.6 Orde en dissipline en klasbeheer	22
2.5.7 Stimulerende omgewing.....	23
2.5.8 Effektiewe onderrig	24
2.6 INSTRUMENTE VIR DIE METING VAN KLASKLIMAAT	24
2.7 'N GESKIKTE INSTRUMENT VIR DIE ONDERHAWIGE NAVORSING.....	27
2.8 SAMEVATTING	28

HOOFSTUK 3

DIDAKTIESE RIGLYNE VIR DIE SKEP VAN 'N POSITIEWE KLAS- KLIMAAT	30
3.1 INLEIDING	30
3.2 DIDAKTIESE RIGLYNE VIR DIE SKEP VAN 'N POSITIEWE KLASKLIMAAT	32
3.2.1 Lesbeplanning	33
3.2.2 Stimulerende omgewing	34
3.2.3 Onderrigstyl	35
3.2.3.1 <i>Humor</i>	35
3.2.3.2 <i>Nieverbale kommunikasie</i>	36
3.2.3.3 <i>Hantering van groepwerk</i>	38
3.2.3.4 <i>Demokratisering</i>	39
3.2.4 Interpersoonlike verhoudings	40
3.2.5 Orde, dissipline en klasbeheer	41
3.2.6 Ouerbetrokkenheid	43
3.2.7 Motivering	45
3.2.8 Die bou van 'n positiewe selfbeeld by leerlinge	46
3.3 ALGEMENE RIGLYNE VIR DIE ONDERWYSER VIR DIE SKEP VAN 'N POSITIEWE KLASKLIMAAT AAN 'N SEKONDÊRE SKOOL	47
3.4 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING	48

HOOFSTUK 4

EMPIRIESE ONDERSOEK TEN OPSIGTE VAN KLASKLIMAAT	49
4.1 INLEIDING	49
4.2 DIE MEETINSTRUMENT	49
4.2.1 Die vraelys	49
4.2.2 Voordele van 'n vraelys	50
4.2.3 Nadele van 'n vraelys	51
4.2.4 Geldigheid en betroubaarheid van 'n meetinstrument	51
4.2.4.1 <i>Geldigheid</i>	51
4.2.4.2 <i>Betroubaarheid</i>	52
4.2.4.3 Die verband tussen geldigheid en betroubaarheid	52
4.2.5 Die CES-vraelys	52
4.3 POPULASIE	54
4.4 ADMINISTRATIEWE PROSEDURES	54
4.4.1 Toestemming vir empiriese studie aan die bepaalde sekondêre skool	54
4.4.2 Die verwerking van data	55
4.4.3 Statistiese tegnieke vir die verwerking van data	55
4.4.3.1 <i>Rekeningkundige gemiddeldes</i>	55
4.4.3.2 <i>Effekgroottes</i>	56
4.5 ANALISE VAN DATA TEN OPSIGTE VAN KLASKAMERKLIMAAT SOOS DIT DEUR DIE LEERLINGE ERVAAR IS	57
4.5.1 Beskrywing van die ondersoekpopulasie	57

4.5.2	KLASKLIMAAT SOOS DIT BELEEF WORD DEUR SEUNS EN DOGTERS	58
4.5.3	Klasklimaat soos dit beleef word deur die twee taalgroepe	60
4.6	BESPREKING VAN DATA WAT INGESAMEL IS DEUR DIE VRAELYS WAT DEUR DIE ONDERWYSERS VOLTOOI IS	61
4.6.1	Menings van onderwysers oor klimaatveranderlikes	61
4.6.1.1	Klimaatveranderlike: Leerlingbetrokkenheid	62
4.6.1.2	Klimaatveranderlike: Groepsamehorigheid	62
4.6.1.3	Klimaatveranderlike: Rapport	62
4.6.1.4	Klimaatveranderlike: Taakgerigtheid	62
4.6.1.5	Klimaatveranderlike: Klasbeheer	63
4.6.1.6	Klimaatveranderlike: Klasreëls	63
4.6.2	Humor	63
4.6.3	Belangrikheid van veranderlikes	63
4.7	MENING VAN ONDERWYSERS OOR DIDAKTIESE RIGLYNE VIR DIE SKEP VAN 'N POSITIEWE KLASKLIMAAT	64
4.7.1	Lesbeplanning en aanbieding	64
4.7.2	Humor	64
4.7.3	Nieverbale kommunikasie	65
4.7.4	Groepwerk	65
4.7.5	Demokratisering	65
4.7.6	Orde, dissipline en klasbeheer	65
4.7.7	Ouerbetrokkenheid	65
4.7.8	Motivering	66
4.7.9	Bou van 'n positiewe selfbeeld	66
4.8	ANDER TEGNIEKE EN METODEDES WAT GEBRUIK KAN WORD OM 'N POSITIEWE KLASKLIMAAT TE SKEP	66
4.9	FISIESE OMGEWING	66
4.10	ALGEMENE OPMERKINGS	67
4.11	SAMEVATTING	68

HOOFSTUK 5

	SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS	69
5.1	INLEIDING	69
5.2	SAMEVATTING	69
5.3	OPSOMMING VAN BELANGRIKE BEVINDINGE TYDENS DIE ONDERSOEK	71
5.4	AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING	72
5.5	TEN SLOTTE	72

	BIBLIOGRAFIE	73
--	--------------------	----

	BYLAAG A: KORRESPONDENSIE	79
--	---------------------------------	----

	BYLAAG B: VRAELYS AAN ONDERWYSERS	83
--	---	----

	BYLAAG C: VRAELYS AAN LEERDERS	88
--	--------------------------------------	----

TABELLE- EN FIGURELYS

Tabel 4.1: Inligting oor die CES-vraelys.....	53
Tabel 4.2: Populasie leerlinge	57
Tabel 4.3: Klasklimaat: Seuns/dogters	58
Tabel 4.4: Klasklimaat: Taalgroepe	60

Figuur 4.3: Klasklimaat: Seuns/dogters	59
Figuur 4.4: Klasklimaat: Taalgroepe	60

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 PROBLEEMSTELLING EN MOTIVERING

In die navorsingsliteratuur word die terme “klasklimaat” en “klasatmosfeer” as sinonieme gebruik. In die studie sal die skrywer voorkeur gee aan die term “klasklimaat”.

As gevolg van die ingrypende, politiese, ekonomiese en sosiale veranderinge, sowel as 'n nuwe beplande uitkomsgebaseerde benadering van die kurrikulum wat tans in die RSA plaasvind, beleef onderwysers sowel as leerlinge 'n mate van onsekerheid oor die toekoms. Dit lei daartoe dat leerlinge nie gemotiveerd is om te leer nie wat gevolglik tot swak prestasie lei. Quinones (1987:16) beweer dat klasklimaat 'n groot invloed op leerlinge se gedrag en prestasie het. Behalwe swak prestasie is wangedrag ook 'n probleem wat sterker na vore tree. Hierdie probleem kan deur die onderwyser beheer word deur onder andere die skep van 'n positiewe klasklimaat.

Elke klasgroep is verskillend en bied eie uitdagings, wat meebring dat klasklimaat vir effektiewe onderrig en -leer van klaskamer na klaskamer verskil (Shapiro, 1993:91). Kruger en Van Schalkwyk (1992:104-110) huldig die siening dat in elke klaskamersituasie daar 'n verskeidenheid van intermenslike verhoudinge heers. Hierdie verhoudings tussen onderwyser en die individuele leerlinge, leerlinge onderling sowel as die onderwyser en die klasgroep kan as 'n sosiale sisteem gesien word.

Pintrich en Schunk (1996:340-343) sien klasklimaat as die atmosfeer in die klaskamer met sosiale, psigologiese en emosionele karaktertrekke. Vir hulle is

gesonde leermotivering ook die rede vir die vestiging van 'n positiewe klimaat. Hierdie klimaat word onder andere bepaal deur baie faktore waarvan kultuur sowel as norme en waardes 'n deel uitmaak. Volgens Duke (1990:138-139) word 'n produktiewe klasklimaat gekenmerk deur 'n omgewing wat dit vir die leerlinge moontlik maak om te leer. Volgens genoemde navorsers word sodanige klimaat geskep deur goeie beplanning en klasbestuur, die regte fisiese uitleg van die klaskamer, interaksie tussen die onderwyser en die leerlinge en onderling tussen die leerlinge. De Wet, Monteith en Van der Westhuizen (1986:240-241) is van mening dat dit hoofsaaklik die onderwyser se verantwoordelikheid is om 'n klasklimaat te skep wat meehelp om leer suksesvol te laat plaasvind. Die onderwyser skep deur sy persoonlikheid en optrede die sosiaal-emosionele klimaat in die klas en hierdie klimaat het óf 'n stimulerende óf stremmende invloed op leer. McManus (1989:122-123) is van mening dat indien die klimaat in die klaskamer nie positief is nie dit daartoe kan lei dat leerlinge dissiplinêre probleme gee en nie effektief leer nie.

Elke kind verkeer vanaf geboorte in 'n ontwikkelingsproses en word blootgestel aan 'n bepaalde leeromgewing in die ouerhuis en op skool. Indien die klimaat in die ouerhuis en skool nie gunstig is vir leer nie het dit 'n afbrekende effek op die kind se ontwikkeling. Steyn (1990:8) meen dat die primêre didakties-opvoedkundige situasie, met ouer en kind as deelnemers, ontleed moet word om vas te stel watter beginsels wesenlik is vir optimaal opvoedende interaksie tussen volwassene en kind.

Op grond hiervan kan riglyne vir sekondêre didakties-opvoedkundige situasies dan afgelei en as maatstawwe gebruik word om didakties optimale handeling te ontwerp. Die didaktiese beginsels het dan normatiewe (voorskrystende) en die didaktiese riglyne 'n regulerende betekenis. Dus kan afgelei word dat die didaktiese beginsels en gepaardgaande riglyne deeglik in ag geneem moet word by die skep van 'n positiewe klasklimaat.

Coetzee (1995:3) is van mening dat indien die onderwyser meer op 'n wetenskaplike wyse bewus gemaak word van sy taak as klimaatskepper dit 'n belangrike bydrae kan lewer tot die skepping van 'n klimaat waarin beide onderwyser en leerlinge 'n hoë mate van werkstevredenheid kan ondervind.

Klimaatskepping as 'n vaardigheid moet aan die hand van wetenskaplike gefundeerde didaktiese beginsels ontwikkel word en in die opleidingsprogramme van aspirantonderwysers ingebou word.

Die volgende probleemvrae het met die voorafstudie na vore gekom:

- Wat is 'n positiewe klasklimaat?
- Hoe skep 'n onderwyser 'n positiewe klasklimaat?
- Wat is die klasklimaat tans aan sekondêre skole?
- Watter tegnieke en metodes word deur onderwysers tans gebruik om 'n positiewe klasklimaat te skep of te probeer skep?
- Watter didaktiese riglyne kan voorgestel word om in die huidige onderwysomstandighede die klasklimaat te optimaliseer?

1.2 DOEL VAN DIE NAVORSING

Tydens die navorsing sal daar gepoog word om die volgende doelstellings te bereik:

- 1.2.1 om te bepaal wat 'n positiewe klasklimaat is;
- 1.2.2 om vas te stel watter didaktiese maatreëls lei tot 'n positiewe klasklimaat;
- 1.2.3 om te bepaal wat die klasklimaat tans aan sekondêre skole is;
- 1.2.4 om te besluit watter tegnieke of metodes gebruik kan word om 'n positiewe klasklimaat te skep of te probeer skep, en
- 1.2.5 om didaktiese riglyne voor te stel om klasklimaat te optimaliseer.

1.3 NAVORSINGSMETODE

1.3.1 Literatuurstudie

Die skrywer het die Ferdinand Postma Biblioteek geraadpleeg vir boeke en tydskrifartikels oor die onderwerp.

Suid-Afrikaanse literatuur oor die onderwerp is skaars maar deur middel van 'n rekenaarsoektog kon daar genoeg internasionale tydskrifartikels oor die onderwerp geïdentifiseer word. Van die volgende sleuteltermes is gebruik in die soektog: *classroom climate*, *class atmosphere*, *classroom environment*, *learning culture*, *secondary education*.

1.3.2 Empiriese ondersoek

1.3.2.1 Vraelyste

- Daar sal gebruik gemaak word van die *Classroom environmental scale* (CES) vraelys wat gebruik word vir die meet van klasklimaat in natuurwetenskapklasse, maar wat aangepas sal word om die leerlinge en die onderwysers se persepsie van klasklimaat te bepaal. Hierdie vraelys word internasionaal vir die doel gebruik.
- Die *Classroom environmental scale* vraelys sal aangepas word om te bepaal wat onderwysers tans doen om 'n positiewe klimaat te skep of te probeer skep.

1.3.2.2 Populasie

'n Bepaalde sekondêre skool met 'n leerlingstal van 1038 en 36 onderwysers sal in die ondersoek gebruik word. Elke onderwyser sal die klasklimaat bepaal by die klasgroep waarvoor hy op die tydstip van die ondersoek klasgee. Hierdie tydstip (klasperiode) sal vooraf met die hoof en personeel bepaal word.

1.3.2.3 *Dataverwerking*

PU vir CHO se Statistiese Konsultasiediens sal vir hulp genader word met die opstel van vraelyste en die verwerking van inligting.

1.4 HOOFSTUKINDELING

Hoofstuk 1 : Inleiding, probleemstelling en metode van ondersoek

Hoofstuk 2 : Wat is klasklimaat en die faktore wat dit beïnvloed?

Hoofstuk 3 : Didaktiese riglyne vir die skep van 'n positiewe klasklimaat.

Hoofstuk 4 : Empiriese ondersoek ten opsigte van klasklimaat.

Hoofstuk 5 : Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings.

HOOFSTUK 2

KLASKLIMAAT EN DIE FAKTORE WAT DIT BEÏN- VLOED

2.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is 'n volledige uiteensetting gegee rondom die verloop van die studie. Eerstens is die probleemstelling aangespreek, die doel van die navorsing en die verdere verloop is toegelig met 'n hoofstukindeling.

In hierdie hoofstuk gaan daar spesifiek gekyk word na die begrip klasklimaat en ook die faktore wat klasklimaat beïnvloed. Aan die einde van die hoofstuk gaan daar ook aandag geskenk word aan die meetinstrument vir klasklimaat wat gebruik gaan word tydens die empiriese gedeelte van die studie.

2.2 DIE BEGRIP KLASKLIMAAT

Indien daar 'n studie gemaak moet word van klasklimaat en die faktore wat in ag geneem moet word by die skepping van 'n positiewe klasklimaat is dit van kardinale belang dat die navorser eerstens die begrip klasklimaat moet kan omskryf en soveel moontlike kennis rondom die begrip opbou.

Omdat daar soveel verskillende betekenisse aan 'n woord geheg kan word, sal die begrip aan die hand van 'n verklarende woordeboek ontleed word. Volgens die HAT (1988:561) beteken die woord "klas" 'n groep leerlinge in 'n skool wat min of meer dieselfde peil van ontwikkeling en kennis bereik het en gesamentlik onderrig ontvang. Volgens die HAT (1988:570) beteken die die

woord "klimaat" 'n bepaalde sfeer of gees. In die geval van klasklimaat dui die begrip dus op 'n bepaalde ingesteldheid, toestand, invloed of wisselwerking wat daar by die groep leerlinge (klas) bestaan.

Uit 'n literatuursoektog het daar verskeie definisies en omskrywings rondom die begrip klasklimaat na vore getree. Die belangrikste omskrywings is soos volg:

- Pretorius (1982:97) sê dat klasklimaat die gehele sfeer van psigologiese verhoudinge en ingesteldhede in die klaskamer is.
- Lang, McBeath en Hebert (1995:41) sien die klaskamer as 'n komplekse sosiale sisteem wat geaffekteer word deur sosiale kragte soos vriendskappe, kommunikasiepatrone, leierskap (onderwyser en leerlinge) en hierdie kragte het 'n sterk invloed op klaskamerklimaat.
- Kyriacou (1992:65) meen dat klasklimaat bepaal word deur doelgerigtheid, taakgeoriënteerdheid, ontspannendheid, warmte en ondersteuning en beheer wat daar in die klas heers.
- Seiler, Schuelke en Lieb-Brilhart (1984:19) definieer klasklimaat as die atmosfeer in die klas soos dit tot uiting kom in die gevoelens, menings en idees van die deelnemers in die onderrigleerproses.
- Scheepers (1995:6) beskryf klasklimaat as die somtotaal van die psigologiese en sosiale gesteldhede in die klaskamer soos dit tot uiting kom in die klaskamergebeure en soos dit deur die deelnemers aan die onderrigleersituasie ervaar word.
- Haukoos en Penick (1987: 735-740) is van mening dat die karaktertrekke en persoonlikhede van leerders en die wyse hoe interaksie plaasvind 'n belangrike rol speel by die skep van klasklimaat.

Opsommend kan gesê word dat klasklimaat verband hou met die psigologiese en sosiale gesteldhede van die klasgroep (onderwyser en sy leerlinge) en dat

'n positiewe klasklimaat gekenmerk word deur doelgerigtheid, taakgeoriënteerdheid, ontspannendheid, warmte, onderlinge ondersteuning, 'n mate van ordelikheid sowel as faktore soos entoesiasme, kreatiwiteit en hardwerkendheid. (Vgl. ook par. 2.4).

2.3 Tipes Klasklimaat

Na aanleiding van die begripsomskrywings hierbo kom 'n mens tot die besef dat daar verskillende tipes klimaat in 'n klaskamer kan heers. Dit kan verskil van klas tot klas en vak tot vak en die leerders sowel as die onderwyser speel ook 'n belangrike rol in die verband.

In klaskamers met 'n positiewe klimaat sal meer klem gelê word op die positiewe aspekte van die psigososiale dimensies in die klasklimaat, en met 'n negatiewe klimaat meer op die negatiewe aspekte (Coetzee, 1995:11).

Volgens Maslow (1954:81-82) het die mens basiese behoeftes wat vervul moet word. Fox (1954:9) beweer dat 'n tipiese klasklimaat eers sal omsien na die leerling se behoeftes. Hy identifiseer die volgende behoeftes wat vir 'n leerling geld:

- Fisiese of materiële behoeftes soos geboue, beligting en verwarming.
- Veiligheidsbehoeftes.
- Die behoefte van aanvaarding en vriendskap deur leerlinge en onderwysers.
- Prestasie en behoefte aan erkenning ten opsigte van insette wat gelewer is.
- Die behoefte om aangebore potensiaal maksimaal te verwesenlik of op die hoogste moontlike vlak te presteer.

Schmuck en Schmuck (1976:24), sowel as Dreesman (1982:59) tipeer die volgende as 'n positiewe klasklimaat:

- 'n sterk onderwyser- en leerlingmotivering om gemeenskaplike doelstellings te bereik;
- 'n klimaat van samewerking;
- die goeie voorkoms en selfbeeld van leerlinge;
- 'n ontspanne veiligheidsbeleving ten opsigte van leeraktiwiteite;
- geleenthede vir individualisering;
- 'n gebalanseerde kompetisiegeirigheid;
- hoë klasinsette, en
- handhawing van dissipline met 'n gevolglike lae konflikinsidensie.

Kruger en Van Schalkwyk (1992:109-110) noem dat klasklimaat kan wissel van 'n oop klimaat aan die een kant tot 'n geslote klimaat aan die ander kant met verskillende kombinasies of skakerings tussenin. Volgens hulle kan die volgende klimaattipes op so 'n kontinuum onderskei word.

- **Die oop klimaat**

In so 'n klimaat sal daar 'n gesindheid van openheid tussen die onderwyser en leerlinge bestaan. Die onderwyser sal die leerlinge ondersteun, die moraal sal hoog wees en die leerlinge sal gemotiveerd wees om te leer.

- **Die outonome klimaat**

In hierdie klimaattipe sal die leerling redelik baie vryheid geniet. Die algemene gees in die klaskamer sal meer mens- as taakgeoriënteerd wees.

- **Die familiêre klimaat**

Binne die familiêre klimaat beleef die leerder 'n familiêre en joviale verhouding tussen onderwyser en leerlinge. Leerlinge ervaar egter min beheer en leiding vanaf die kant van die onderwyser en dit kan daartoe lei dat min skoolwerk binne so 'n klimaat gedoen word.

- **Die paternalistiese klimaat**

So 'n klimaat word gekenmerk deur die situasie waar die leerlinge geen seggenskap oor hulle eie belange het nie. Die onderwyser sorg op vaderlike wyse vir die beheer van die klas.

- **Die gekontroleerde klimaat**

In hierdie klimaat word daar meer klem op die taak as die mens gelê. Die moraal kan egter hoog bly. Hier geld 'n hoë mate van onderwyserbeheer.

- **Die geslote klimaat**

'n Geslote klimaat word gekenmerk deur die onbetrokkenheid van beide onderwyser en leerlinge. In so 'n klaskamer kom weinig onderrig en leer voor.

Na aanleiding van die verskeie tipes klimaat in die klaskamer wat hierbo genoem is, is dit belangrik dat die onderwyser die tipe klimaat moet skep wat sal lei tot effektiewe onderrig en leer.

Nou ontstaan die vraag watter tipe klimaat is gunstig vir 'n effektiewe onderrigleersituasie.

Uit die literatuur kan aangetoon word dat die woord "gunstig" sinoniem met die woord "positief" gebruik word. Volgens Schmuck en Schmuck soos aangehaal deur Shapiro (1993:91), word 'n positiewe klasklimaat gekenmerk

deur die volgende: dat die leerlinge wat mekaar ondersteun intellektueel beter presteer, die onderwyser 'n betekenisvolle invloed op die leerlinge uitoefen; waar die groep as geheel en ook groeplede onderling vir mekaar sosiaal aantreklik is en laastens waar groepnorme leerdoelstellings bevorder en waar ope kommunikasie (dialoog) verwerklik word. So 'n tipe klimaat is dus duidelik 'n gunstige leerklimaat.

Seiler *et al.* (1984:19-24) kontrasteer die kenmerke van 'n positiewe klimaat teenoor die van 'n negatiewe klimaat soos volg:

- 'n openhartige kimaat teenoor 'n verdedigende klimaat;
- 'n klimaat van vertroue teenoor een van vrees;
- 'n klimaat van aanvaarding teenoor een van verwerping;
- 'n klimaat van betrokkenheid teenoor een van afsydigheid;
- 'n klimaat van vertroue teenoor een van wantroue;
- 'n klimaat van hoë verwagtings teenoor een van lae verwagtings;
- 'n klimaat van orde teenoor een van wanorde, en
- 'n klimaat van beheer teenoor een van frustrasie.

Die kenmerke van 'n positiewe klimaat word in die volgende subparagraaf saamgevat.

2.4 KENMERKE VAN 'N POSITIEWE KLASKLIMAAT

Fox (1974:11) het die kenmerke van 'n gunstige/positiewe klasklimaat goed in die volgende agt punte saamgevat:

- **Respek**

In 'n gunstige klasklimaat word leerlinge menswaardig geag wat aanleiding gee tot die ontwikkeling van selfrespek en respek teenoor andere.

- **Vertroue**

In 'n gunstige klimaat leer leerlinge om andere te vertrou en besef hulle dat andere ook op hulle kan vertrou.

- **Hoë morele waardes**

In 'n gunstige klimaat kan leerlinge standpunt inneem ten opsigte van wat reg en verkeerd is.

- **Geleenthede en persoonlike insette**

Alle leerlinge koester na 'n geleentheid om idees en voorstelle te maak en te weet dat dit op die hoogste vlak oorweeg word. 'n Gebrek hieraan sal die leerling se selfagting ontnem in die klas en die waarde van die leerling se moontlikhede.

- **Akademiese en sosiale groei**

In 'n gunstige klasklimaat is onderwysers en leerlinge opsoek na nuwe kennis en ook besig om hulle sosiale en psigiese vermoëns te ontwikkel.

- **Besorgdheid**

Elkeen in die klas moet voel dat ander oor hul welstand bekommerd is. Begrip en menslikheid moet wedersyds vertoon word.

- **Kohesie**

In 'n klas moet leerlinge deel voel van 'n groep en kry hulle die geleentheid om hul invloed in samewerking met andere te laat geld.

- **Vernuwing**

Stagnasie is 'n teken van doodsheid, en daarom behoort 'n gunstige klimaat selfvernuwende eienskappe te toon. Dit beteken dat daar altyd gestreef word na verbetering van die bestaande stelsel en dat verandering as 'n uitdaging beleef word en nie as 'n bedreiging, of te veel moeite nie.

Pretorius (1982 : 97-98) is van mening dat 'n positiewe klasklimaat ook 'n sosiale dimensie bevat wat bevorderlik is vir die leerlinge se gevoel van eiewaarde en leerprestasie. 'n Positiewe klasklimaat beteken vir leerlinge optimale skoolinskakeling en optimale geleentheid tot selfaktualisering op skool, terwyl die negatiewe klimaat vyandigheid, vervreemding en angs verwek asook bevangenheid wat aanleiding gee tot die blokkering van die kognitiewe ontwikkeling van die leerlinge.

2.5 FAKTORE WAT 'N BYDRAE LEWER TEN OPSIGTE VAN 'N POSITIEWE KLASKLIMAAT

Na aanleiding van die literatuur is daar baie faktore wat 'n bydrae lewer ten opsigte van 'n positiewe of gunstige klasklimaat.

Vreken en Drinkwater (1997:17) is van mening dat die volgende faktore belangrik is vir 'n positiewe klasklimaat, naamlik die onderwyser se verhouding met sy/haar leerlinge, die verhouding tussen die leerlinge onderling, die leerklimaat in die klas en die taakgerigtheid van die leerlinge.

Pretorius (1989:26) beskou die klimaat wat heers in die skool ook as 'n faktor wat invloed uitoefen op die klasklimaat. 'n Positiewe skoolklimaat behoort na die klaskamer deur te werk.

Kruger en Van Schalkwyk (1992:105-109) is van mening dat daar ses belangrike faktore is wat klasklimaat bepaal, naamlik die onderwyser, die leerlinge, die interpersoonlike verhoudinge, die leerinhoud en onderrigmetodes, orde en dissipline en laastens die fisiese klaskamer-omgewing.

Fox (1974:9-10) beskou die basiese menslike behoeftes van die leerlinge ook as 'n belangrike bydraende faktor tot klasklimaat.

Pretorius (1982:97) noem ook dat daar ander wisselwerkende faktore is wat hoofsaaklik die skool en klaskamerklimaat sal bepaal, naamlik:

- die persoonseienskappe, vermoëns, motiewe, waardes, behoeftes en sosiale ervaring van die betrokkenes;
- die norme, waardes, rol- en gesagsopvattinge wat in die skool geld;
- die akademiese en sosiale tradisies van die skool;
- die bekwaamheid en onderlegdheid van die onderwysers, en
- die invloed van die portuurgroep op die individuele leerling.

Uit bogenoemde literatuur kan 'n hele aantal faktore geïdentifiseer word wat belangrik is vir die skep van 'n positiewe klasklimaat aan 'n sekondêre skool. Elk van die faktore sal afsonderlik bespreek word.

2.5.1 Skoolklimaat as determinant van klasklimaat

Dit is van kardinale belang om die skool nie los van die klaskamer te sien nie maar as deel van die hele opvoedingsproses. Daar is 'n verband tussen die skool- en klaskamerklimaat. 'n Effektiewe skoolklimaat moet sy uitwerking vanaf die skoolhoof se kantoor tot binne in die klaskamer uitoefen (Pretorius, 1989:26).

Kelley (1980:33) verwys na die prinsipaal as die mees verantwoordelike persoon vir die skep van 'n skoolklimaat, terwyl die onderwyser die verantwoordelikheid moet aanvaar in die klaskamer.

Fox (1974:24) is van mening dat die "administrateur" die skoolhoof is wat die sleutelfiguur by die implementering en verbetering van 'n skoolklimaat is.

Zabel en Zabel (1996:125) is ook van mening dat die skool se missie ook 'n effek op klasklimaat het want die klaskamer is 'n gedeelte van die totale skool en hierdie missie het 'n uitwerking op die gebeure in die klaskamer.

2.5.2 Die onderwyser as klimaatskepper

Kruger en Van Schalkwyk (1992:105) poneer dat die onderwyser as die formele leier in die klaskamer, die "dirigent" is wat al die ander elemente in die klaskamer beheer en beïnvloed ten einde 'n bepaalde klaskamerklimaat te skep.

Hargreaves (1975:88) meen dat die onderwyser 'n deurslaggewende rol speel wanneer dit kom by die skep van klasklimaat en dat die gedrag of gesindheid wat die onderwyser toon by die leerlinge sal reflekteer. In die proses is die onderwyser die hoofbepaler van die klaskamerklimaat. Coetzee (1995:28) huldig die standpunt dat die onderwyser dienoooreenkomstig 'n klimaatskepper is, aangesien 'n gunstige klasklimaat 'n eienskap van effektiewe onderrig is.

Wubbels, Brekelmans en Hooymayers (1988:141-160) noem agt karaktertipes van onderwysers en hoe dit verband hou met die klimaat wat geskep word in die klaskamer. Die tipes onderwysers kan soos volg ingedeel word:

- leidinggewend,
- gesaghebbend,
- verdraagsaam en gesaghebbend,
- verdraagsaam,
- onseker en verdraagsaam,
- onseker en aggressief,
- onderdrukkend, en
- geploeter.

Die laaste vier tipes onderwysers dui daarop dat hulle nie in staat sal wees om by leerlinge daardie solidariteit te skep wat leerlinge veilig sal laat voel nie.

Volgens Zabel en Zabel (1996:124) het die leierskapstyl wat die onderwyser handhaaf ook 'n invloed op klaskamerklimaat. Hulle is dus van mening dat 'n demokratiese onderwyser die mees aanvaarbare opvoeder is omdat sy/haar onderrigmetode die leerders ontwikkel tot verantwoordelike en goed beheerde leerders en om hulle verder houdings en vaardighede aan te leer. Op so 'n wyse maak die onderwyser die leerders aktiewe deelnemers aan funksionele en kreatiewe onderwysprogram.

Volgens Kruger en Van Schalkwyk (1992:105) is die persoonlikheid van die onderwyser die deurslaggewende faktor vir die tipe klimaat wat in die klaskamer heers. Die volgende positiewe persoonlikheidseienskappe van 'n onderwyser is die grondslag van 'n positiewe klaskamerklimaat: vriendelikheid, meelewendheid, geesdrif, lojaliteit, spontaneïteit, sin vir humor, blymoedigheid, sensitiwiteit, hardwerkendheid, hulpvaardigheid.

Pretorius (1982:113) is van mening dat leerlinge ook let op 'n onderwyser se voorkoms, kleredrag en spraak; vir hulle is 'n goeie onderwyser 'n persoon wat leerlinge laat hard werk, boeke lees en huiswerk doen. Hulle voel ook aangetrokke tot die onderwyser wat aandag skenk aan hulle persoonlike behoeftes, hulle probleme verstaan, hulle suksesse deel en hulle openhartig en regverdig en met respek behandel.

Seiler *et al.* (1984:38) huldig die standpunt dat die onderwyser met 'n goeie selfbeeld in staat sal wees om 'n gunstige klasklimaat te skep, omdat die onderwyser sy vermoëns en vaardighede tot voordeel van die kind aanwend om sodoende 'n klimaat te skep waar die kind veilig voel.

Samevattend kan gesê word dat die onderwyser 'n belangrike rol speel as skepper van 'n gunstige klasklimaat, en dat hy deurgaans sy vaardighede en vermoëns in werking stel om dit te bewerkstellig.

2.5.3 Leerlinge

Die aard en samestelling van die besondere klasgroep speel 'n belangrike rol in die tipe klimaat wat daar in 'n klas heers. Die volgende eienskappe van die klasgroep kan die klasklimaat beïnvloed (Du Preez & Malan, 1989:17-18):

- Die getal leerlinge in die groep.
- Die sosio - ekonomiese agtergrond van die leerlinge.
- Die skolastiese prestasies en toekomsverwagtinge van die leerlinge.
- Die ouderdom en ontwikkelingsvlak van die leerlinge.
- Die besondere samestelling van die klasgroep.
- Ander faktore is die besondere leerlingbehoefte, belangstellings, intellektuele vermoëns en persoonlike aanlegte.

As die eienskappe wat hierbo genoem is nie in aanmerking geneem word nie, sal die onderwyser 'n moeilike tyd beleef om 'n positiewe klaskamerklimaat te vestig.

Lang *et al.* (1995:81-86) is van mening dat gemeenskappe oor die algemeen die leerlinge se prestasie meet aan die skool waar hy onderrig ontvang, dit wil sê, dat die skool deurgaans in die leerling se persoonlike behoeftes moet voorsien en die onderwyser 'n klimaat in die klaskamer moet handhaaf wat positief is.

2.5.4 Die onderrigleerproses

Steyn (1985:79-97) huldig die standpunt dat die onderrigleerproses omskryf kan word as 'n didaktiese werkwyse waar die onderrighandeling van die onderwyser gerig is op bepaalde leeraktiwiteite van leerlinge om die gestelde leerdoelwitte te realiseer. Hy verwys ook na 'n geselekteerde kriteria vir die keuse van die onderrigleerproses, naamlik:

- **Geldigheid en doelgebondenheid**

Die geldigheid van 'n onderrigleergeleentheid word bepaal deur verskeie moontlikhede om mee te werk tot die doeltreffende bereiking van 'n spesifieke leerdoelwit. Hierdie kriterium wat dus gestel word, is ook van belang wanneer daar 'n klimaat heers van taakgerigtheid en leerlingbetrokkenheid.

- **Komprehensiwiteit**

Alhoewel die skool se hoofsaak op die vlak van kennisuitbreiding lê, sluit dit ook affektiewe en psigomotoriese doelstellings in, dus moet daar nie net klem gelê word op eersgenoemde nie maar komprehensief alle fasette van die

persoonlikheid op die weg van volwassenheid stimuleer. Hierdie kriterium is ook van belang om die sosiale klasklimaat te bevorder.

- **Verskeidenheid**

Leerlinge verskil inter- en intra-individueel van mekaar, ten opsigte van verstandsv vermoë, aanlegte, belangstellings, vakkennis, algemene kennis en taalvermoëns. Op grond hiervan moet die onderwyser kan differensieer ten opsigte van onderrig en verskillende didaktiese strategieë en metodes toepas om sodoende in beheer van die klassituasie te wees en alle leerlinge betrokke tydens die onderrigleerproses te kry.

- **Kontinuïteit**

Die onderwyser moet deeglik kennis hê van die oorspronklike wyses waarop onderrig en leer in die gemeenskap- en kultuurgroep verloop. In die beplanning van geleenthede in die klaskamer moet die kontinue aaneenskakeling daarvan saamhang met die opbou van leerinhoud in 'n groter geheel. Hierdie kriterium wat aan 'n onderriggeleentheid gestel word, bevorder ook klasbeheer van die onderwyser sowel as leerlingbetrokkenheid.

- **Lewensrelevansie**

Deurgaans moet die onderwyser die leerinhoud ontwikkel tot leefinhoud. As 'n onderwyser 'n geskiedenisles aanbied en die verlede nie vir die kind lewendig maak nie sal die leerinhoud irrelevant vir die kind wees. Die kind sal ook geleer moet word dat dit wat in die klaskamer gedoen word daarbuite net so relevant is. Hierdie kriterium wat aan 'n onderrigleergeleentheid gestel word, bevorder leerlingbetrokkenheid en deelname aangesien leerlinge meer doelgerig werk.

- **Aard van die leerinhoud**

Elke onderwyser moet eers sy betrokke vakinhoud ontleed om te bepaal op watter wyse leerlinge die beste greep daarop sal hê. Hierdie kriterium bevorder die rol van die onderwyser in die klassituasie.

- **Tyd en omstandighede**

'n Spesifieke lesdoelwit moet bevredigend binne die tydsduur en raamwerk van die hele les bereik word. Hierdie kriterium wat aan 'n onderrigleergeleentheid gestel word, bevorder die hoogste doelwitbereiking.

- **Klasgrootte**

Indien klasgroepe kleiner is, is geïndividualiseerde of selfontdekkende onderrigleergeleenthede moontlik. Maksimalle betrokkenheid deur elke leerling is altyd die belangrikste kriterium en bevorder dus leerling-betrokkenheid.

- **Die onderwyser**

Die vaardighede waarmee elke onderwyser toegerus is, bepaal die keuse van die onderrigleergeleentheid. Daarom word soms gesê dat elke onderwyser 'n eie "metodemaker" is. Die maatstaf wat aan die onderrigleergeleentheid gestel word, bevorder die onderwyser-leerling-verhouding.

Samevattend kan daar gesê word dat bogenoemde kriteria wat gestel is vir die onderrigleergeleentheid voordelig kan wees omdat dit besondere eise stel aan die onderwyser se didaktiese vaardighede en kennis en die skep van 'n positiewe klasklimaat.

2.5.5 Interpersoonlike verhoudinge

Pretorius (1989:53) noem dat elke mens van nature hunker na veiligheid, sekerheid en aanvaarding. Die verhoudinge tussen die hoof en onderwysers, onderwysers onderling, die onderwyser en die ouers, onderwyser en leerling en ook leerlinge onderling is 'n belangrike basis vir die skep van 'n positiewe klimaat. Daar moet altyd wedersydse vertroue teenoor mekaar wees om die beste te bereik. Kruger en Van Schalkwyk (1992:107-109) bevestig dat interpersoonlike verhoudinge hou die moontlikheid van geluk, welsyn en selfvervulling in en sal bepaal of die leerling tydens die onderrigleersituasie gaan baat vind of nie.

2.5.6 Orde en dissipline en klasbeheer

Omdat kinders veilig voel in 'n gunstige klimaat is dit belangrik dat die onderwyser ten alle tye orde moet handhaaf in die klaskamer. Die orde-handhawing in die klaskamer kan wissel van 'n oordrewe, streng, militaristiese soort dissipline tot 'n baie toegeeflike en menslike optrede deur 'n onderwyser. 'n Onderwyser moet maar na gelang van die situasie die dissipline toepas wat positief op die klasklimaat inwerk (Kruger & Schalkwyk, 1992:107).

Kinders wil gedissiplineer word. Wat die verskil maak is die wyse hoe dit toegepas word. Dissipline is belangrik want al sou 'n kind miskien gestraf word moet hy dit in 'n positiewe lig sien. Lang *et al.* (1995:112-121) doen aan die hand dat leerlinge betrek word in die handhawing van goeie dissipline en orde, want indien leerlinge verantwoordelikhede het en hulle beloon word, kan dit lei tot positiewe selfdissipline.

Zabel en Zabel (1996:122:124) konstateer dat dit belangrik is om veilige en ordelike klaskamer te hê. As leerlinge nie die veiligheid ervaar nie kan hulle nie fokus op leer nie. Tog stel hulle dit ook dat die skep van veilige en ordelike

klaskamers nie maklik is nie, maar om 'n effektiewe onderwyser te wees, moet die onderwyser alles in sy vermoë doen om dit daar te stel.

2.5.7 Stimulerende omgewing

Sekere omgewingsfaktore binne sowel as buite die klaskamer het ook 'n invloed op die klasklimaat. Faktore wat buite die klaskamer voorkom en wel 'n invloed op die klasklimaat uitoefen, is onder andere die volgende:

- die omgewing waar die skool geleë is;
- die leierskapstyl van die skoolhoof en die skoolklimaat;
- die aantreklikheid en versorging van die skoolgebou, en
- die uitleg en toestand van die skoolterrein.

Faktore wat meer direk met die klaskamer self te doen het en wat 'n invloed op die klasklimaat uitoefen, is die volgende:

- die organisasie van die klaskamerruimte - dit sluit in die rangskikking van die skoolbanke, bewegingsgeleenthede in die klas en hulpmiddels;
- die versiering van die klaskamer;
- die voorkoms van die onderwyser, byvoorbeeld sy klere en versorging;
- die tyd van bepaalde lesperiodes, dit sluit in aspekte soos die lengte van die lesperiode en ook die tyd van die dag (Schalkwyk & Kruger, 1992:107);
- genoegsame lug en lig is noodsaaklik vir leerlinge sodat hulle kan sien en ook dat die klas nie bedompig moet raak nie, en
- steurende faktore moet ook uit die klasomgewing verwyder word sodat leerlinge kan konsentreer tydens klasgebeure (Du Preez & Malan, 1980:347-348).

Indien die klaskamer goed ingerig is vir die leerlinge kan dit slegs voordelig wees vir hulle en kan die onderwyser sy opvoedingstaak tot die beste van sy vermoë uitvoer. Leerlinge bring 'n groot gedeelte van hul tyd in die klaskamer deur en deur 'n goeie omgewing daar te stel sal die leerlinge positief reageer.

2.5.8 Effektiewe onderrig

Onderrig is 'n wetenskap en 'n kuns. Sommige onderwysers het nie voldoende opleiding in die opvoedkundige gebeure in die klaskamer nie wat daartoe lei dat hulle die metode van probeer-en-tref handhaaf as om die resultate van formele onderrig in tegnologiese onderwys toe te pas. Zabel en Zabel (1996:127-135) verwys na Jesus Christus se gebruikmaking van vergelykings (gelykenisse) om met mense te kommunikeer, Sokrates het gebruik gemaak van vraagstelling en Boeddha meditasie om introspeksie te laat plaasvind. Jansen (1994:26-27) verwys na Christus as die grootste onderwyser van alle tye deurdat Hy van didaktiese beginsels en strategieë gebruik gemaak het na aanleiding wat in Johannes 4:1-30 gebeur het. Hierdie strategieë is nog steeds in hierdie era bruikbaar vir effektiewe onderrig. Ander aspekte van effektiewe onderrig is die gebruik van humor, nieverbale kommunikasie, groepwerk en verskillende ander onderrigstyle.

In die volgende hoofstuk gaan daar gekyk word hoe word hierdie faktore in werking gestel. Die skrywer gaan dus riglyne en wenke aanbeveel wat gebruik kan word om die positiewe klasklimaat te bevorder.

2.6 INSTRUMENTE VIR DIE METING VAN KLASKLIMAAT

Na 'n deeglike ondersoek in die literatuur na instrumente om klasklimaat te meet, is besluit om hoofsaaklik na Fraser en Walberg (1991:7-9) se navorsing in hierdie verband te verwys aangesien hulle 'n goeie sintese gedoen het van alle relevante instrumente. Coetzee (1995:70) haal aan dat klasklimaat 'n positiewe effek het op die individuele leerling en die affektiewe en kognitiewe

ontwikkeling van die leerling en dat Fraser en Walberg (1991:7-11) uitstekende werk in dié verband gelewer het.

Die meetinstrumente sal afsonderlik bespreek word soos wat dit in die navorsingsliteratuur gevind is.

- **Learning environment inventory (LEI)**

Die ontwikkeling en geldigheid van bogenoemde meetinstrument het begin in die laat sestigerjare. Die meetinstrument dek vyftien verskillende aspekte van klaskamerklimaat. Die vraelys is saamgestel uit 105 stellings wat handel oor 'n tipiese klaskamer. Die leerling druk sy gevoel ten opsigte van elke stelling uit op 'n vierpuntskaal.

- **Classroom environment scale (CES)**

Die CES is aanvanklik ontwikkel deur Rudolf Moos (*in* Fraser, 1991:7-11) van die Universiteit van Stanford. 'n Aantal navorsers het 'n bydrae gelewer ten opsigte van die meetinstrument. Tydens die ondersoek is verskillende instansies en inrigtings gebruik soos psigiatriese hospitale, gevangnisse, universiteitskoshuise en ander werkmilieus. Die aantal stellings op die vraelys is verminder na 208 items.

Die finale weergawe is gepubliseer deur Moos en Trickett (*in* Fraser, 1991:7-11) en het bestaan uit 9 skale wat elk 10 items bevat. Die antwoordformaat was gebaseer op "waar" of "vals" vir elke item. Die toetsmateriaal het beskik oor 'n toetshandleiding, vraelys, antwoordstel en 'n deursigtige handnasienmasker.

- **Individualized classroom environment questionnaire (ICEQ)**

Die oorspronklike ontwikkeling van die vraelys is deur Rentoul en Fraser (Fraser, 1991:7-11) gedoen. Die vraelys verskil in die opsig dat dit die aspekte wat gewone klaskamers van die individuele klaskamer onderskei, wil meet. Onderhoude met onderwysers en leerlinge aan sekondêre skole het verseker dat die aspekte goed onderskei is.

Die finale weergawe van die vraelys is deur Fraser in 1990 gedoen, en het altesaam 50 items gehad met 'n gelyke aantal items by elke aspek van die vraelys. Elke item word beantwoord op 'n vyfpuntskaal met vyf keuses.

Die gepubliseerde formaat van ICEQ bestaan uit 'n handboek en 'n stel toetse waarvan 'n onbeperkte aantal vraelyste en antwoordblaaie gedupliseer kan word.

- **My class inventory (MCI)**

Die MCI-vraelys was oorspronklik bedoel vir die skoolkind in die primêre skool, en is vereenvoudig vanaf die meetinstrument LEI. Dit is veral geskik vir leerlinge tussen die ouderdom van 8 - 12 jaar. Die vraelys kan ook gebruik word vir junior hoërskoolleerlinge wat veral lees en begripsprobleme ervaar met LEI.

MCI - vraelys verskil van LEI ten opsigte van die volgende vier punte:

- om verveeldheid by jongere kinders te vermy, is daar slegs 5 van die 15 skale van die LEI;
- die bewoording van die items is vereenvoudig;
- op die antwoordresponsskaart is die vierpuntskaal verminder na 'n tweepuntskaal, en
- antwoorde word direk verskaf op die vraelys.

Die finale weergawe van die MCI-vraelys beskik oor 38 items.

- **College and university classroom environment inventory (CUCEI)**

Volgens Fraser en Walberg (1991:7-11) is daar 'n dieptestudie gedoen, ten opsigte van die meting van klasklimaat aan skole maar weinig is gedoen oor klasklimaat by tersiêre inrigtings. CUCEI is ontwerp vir kleiner klasgroepe maar is nie bruikbaar vir lesinglokale en laboratoriums nie.

Die finale weergawe van CUCEI - vraelys bevat 7 itemskaale. Elke item het vier response as alternatiewe antwoorde.

- **Science laboratory environment inventory (SLEI)**

Die vraelys is deur Fraser, Giddings en Mc Robbie (1992) ontwikkel om die klasklimaat in 'n natuurwetenskapklas te meet.

Die vraelys het vyf skale. Die geldigheid en betroubaarheid van die vraelys is in ses verskillende lande getoets waarvan 5,500 studente en 270 klasgroepe betrek was. Die SLEI-vraelys is ekonomies en dit bevat 35 items. Die verwerking van die resultate kan maklik gedoen word.

2.7 'N GESKIKTE INSTRUMENT VIR DIE ONDERHAWIGE NAVORSING

Volgens Vreken (1997) is die CES- vraelys uiters geskik om die klasklimaat in sekondêre skole te meet omdat dit aandag skenk aan leerlingbetrokkenheid, dissipline en organisasie, kompetisie, taakgeoriënteerdheid, innovasie, klasbeheer, ondersteuning van die onderwyser, opstel van klasreëls en affiliasie. Die vraelys is maklik om te voltooi en neem ook nie baie tyd in beslag nie.

Die waar of vals keuses sal vervang word met 'n 5-puntskaal met alternatiewe keuses soos "glad nie", "in 'n mate", "redelik", "baie" en "volkome" vir beide vraelyste van die onderwysers en leerlinge. Die skrywer is van mening dat 'n

5-puntskaal 'n beter weergawe gaan gee van leerlinge en/of onderwysers se persepsies van die klasklimaat as die waar / vals keuses in die oorspronklike vraelys.

Die vraelys is gegrond op die siening van Moos (1979:139-142) dat die psigo-sosiale dimensies in die klaskamersituasies in die volgende drie kategorieë verdeel kan word:

- Die eerste kategorie sluit die dimensies in wat met die interpersoonlike verhoudings verband hou. Hierdie dimensies behels die volgende: die leerlinge se betrokkenheid by klaskameraktiwiteite, onderlinge samewerking tussen leerlinge, en die ondersteuning wat onderwysers die leerlinge bied.
- Die tweede kategorie sluit die dimensies in wat verband hou met doelgerigtheid van klaskameraktiwiteite en die moontlikheid wat dit vir persoonlike ontwikkeling inhou, naamlik die taakgeoriënteerdheid van klaskameraktiwiteite en onderlinge kompetisie tussen leerlinge om te presteer.
- Die derde kategorie sluit die dimensies in wat verband hou met die ordelikheid en die onderhouding van die organisasiestruktuur van die klaskamersituasie. Die dimensies is die volgende: ordelikheid tydens die verloop van die les en die bestuur van werkopdragte en klaskameraktiwiteite; duidelikheid oor die inhoud van klaskamerreëls; beheeruitoefening van die onderwyser met die verloop van die klaskameraktiwiteite en die wyse waarop die klaskamerreëls toegepas, word en motivering van die onderwyser tydens die toepassing.

2.8 SAMEVATTING

Opsommend kan 'n klasklimaat omskryf word as die atmosfeer wat deur beide die onderwyser en leerlinge ervaar word tydens die onderrigleergeleentheid.

In hierdie hoofstuk is aandag geskenk aan die kenmerke van 'n positiewe klasklimaat asook die faktore wat 'n bydrae lewer in die verband.

Verder is die navorsingsliteratuur nagegaan vir verskillende meetinstrumente wat gebruik word om klasklimaat te meet.

Die *Classroom environment scale* (CES) word beskou as die mees geskikste meetinstrument wat gebruik kan word vir hierdie studie.

Aangesien die onderwyser 'n baie belangrike rol speel in die skep van 'n gunstige leerklimaat sal daar in hoofstuk 3 gekyk word na didaktiese riglyne vir die skep van so 'n tipe klimaat.

HOOFSTUK 3

DIDAKTIESE RIGLYNE VIR DIE SKEP VAN 'N POSITIEWE KLASKLIMAAT

3.1 INLEIDING

In hoofstuk twee is die begrip klasklimaat bespreek en ook die verskillende tipes klimaat wat in klaskamers kan voorkom. Die faktore wat 'n positiewe klasklimaat beïnvloed en die vraelyste wat beskikbaar is om klimaat te meet en veral die CES-vraelys wat in die empiriese ondersoek gebruik gaan word, is ook deeglik bespreek.

In hierdie hoofstuk gaan daar in diepte gekyk word na die didaktiese riglyne om 'n positiewe klasklimaat in die klaskamers aan 'n sekondêre skool te skep. Eerstens gaan 'n omskrywing gegee word van die begrippe didaktiese riglyne en beginsels, en hoe dit aangewend kan word tydens die onderrigleersituasie en hoe dit die klimaat in die klaskamer kan beïnvloed.

As vertrekpunt moet elke aspirantonderwyser of professionele onderwyser gereeld die vraag vra: Wat is didaktiek? Volgens die HAT (1988:152) beteken die woord *lerend* of *onderrigtend*. In Griessel *et al.* (1986:1-51) word aangetoon dat die woord afkomstig is van die Griekse stamwerkwoord, naamlik "*didaskēin*" wat beteken om te onderrig.

Didaktiek is die deeldisipliene van die opvoedkunde waar wetenskaplike besinning toegespits word op die opvoedende onderrigleerhandelinge in die klaskamer en die aspekte wat daarmee in verband staan soos didaktiese beginsels onderrig- en leerinhoud, onderrigmetodes en alle ander aspekte van die onderrigleersituasie (Duminy & Söhnge, 1985:1-20).

Steyn (1985:4) beweer dat die woord didaktiek inhou dat iemand doelbewus besig is om 'n ander persoon te onderrig sodat hy daaruit leer. Verder noem Steyn ook dat die didaktiek ook alle onderrigleersituasies wat buite die opvoedingsituasie vergestaltung vind, bestudeer.

Fraser *et al.* (1991:1-9) sien didaktiek nie net as 'n studie van die onderrig - leerproses nie maar verskaf dit antwoorde op die onderskeie vrae soos die volgende:

- Wat is onderrig?
- Waar vind onderrig plaas?
- Hoe word daar geleer?
- Wanneer is onderrig effektief?
- Watter verband is daar tussen onderrig en leer?

Vervolgens moet onderskei word tussen die twee begrippe "riglyne" en "beginsels". Volgens die HAT (1988:903) beteken "*riglyn*" 'n reël waarvolgens gewerk of gehandel word. 'n "*Beginsel*" beteken volgens die HAT (1988:73) 'n grondbegrip, oortuiging, stelreël of prinsiep.

Volgens Steyn (1985:8) het 'n didaktiese beginsel 'n normatiewe (voorskrywende) betekenis terwyl 'n *didaktiese riglyn* 'n regulerende (aanwysende) betekenis het. Landman (1985:170) beskryf didaktiese riglyne as voorwaardes vir die didakties - pedagogiese gebeure om aan die hand van geselekteerde onderwysinhoud in beweging te kom. Van der Stoep (1978:32-57) is van mening dat didaktiese "beginsels" eerder gesien moet word as riglyne in die didakties - opvoedkundige situasie wat aanwysende waarde het vir die skoolpraktyk (Steyn, 1985:8).

Coetzee *et al.* (1985:151-153) meen dat daar 'n verband is tussen beginsels en riglyne (metodes en tegnieke), maar dat 'n beginsel eers tot sy reg kom wanneer die riglyn in die praktyk bewys word.

Die skrywer is van mening dat die uitgangspunte wat deur Landman (1985:170) en Coetzee *et al.* (1985:151-153) geopper is van kardinale belang is vir die onderwyser om 'n positiewe klimaat in die klaskamer te skep omdat die riglyne gesien word as praktiese gebeure in die klaskamer.

Aandag gaan nou geskenk word aan die riglyne wat belangrik is vir die onderwyser om 'n positiewe klimaat in 'n klaskamer aan 'n sekondêre skool te skep.

3.2 DIDAKTIESE RIGLYNE VIR DIE SKEP VAN 'N POSITIEWE KLASKLIMAAT

Fraser (1990:55) noem dat om effektief te onderrig, moet daar aan sekere voorwaardes voldoen word wat didaktiese beginsels oftewel beginsels is wat vir die didaktiese situasie geld en wat nagekom moet word om onderrig- en leersukses te waarborg. Alhoewel verskillende onderrigstrategieë, -metodes en benaderingswyses aangewend kan word om vakinhoud te ontsluit, bly die voorwaardes waaraan effektiewe onderrig moet voldoen universeel dieselfde, afhangend van die bepaalde perspektief waarmee die didaktikus na die onderrigleergebeure kyk.

Die stelling kan dus gemaak word dat onderrig en leer alleenlik effektief sal wees as die onderwyser in die volgende slaag:

- om met sy kundigheid, opleiding en onderrigstrategieë die *geselekteerde vakinhoud vir die leerder te ontsluit*;
- daarvan oortuig is dat die inhoud wat deur die leerder bemeester moet word *wetenskaplik korrek* is, en
- pogings aanwend om vas te stel of die leerder die vakinhoud wel bemeester het en in staat is om die bemeesterde inhoud in nuwe situasies *aan te wend en toe te pas*.

Vervolgens sal riglyne vir die verskillende aspekte van die didaktiese situasie gestel word wat deur die onderwyser gebruik kan word om 'n positiewe leerklimaat in die klas te skep.

3.2.1 Lesbeplanning

Elke onderwyser is verplig om moeite te doen wanneer 'n les voorberei word. Jonker (1992:17-18) is van mening dat lesbeplanning belangrik is vir effektiewe en suksesvolle onderrig wat daartoe sal lei dat leerlinge altyd die lesaanbieding sal geniet. Wanneer die onderwyser nie goed voorbereid is vir sy klas nie lei dit gewoonlik tot wanorde en leerlinge is geneig om die situasie uit te buit. Avenant (1986:69) meen dat gebrekkige beplanning lei tot die gebruik van onder meer ondoeltreffende onderrigmedia, klasbeheer, differensiëringstegnieke, leerlingaktiwiteite, tydvermorsing en onbeduidende vrae.

Fontana (1987:133) noem ook dat indien 'n onderwyser nie goed voorbereid is nie lei dit tot swak klaskamerbeheer. Hy waarsku ook teen te veel leerinhoud tydens in onderrigssessie want dit kan 'n negatiewe uitwerking op die leerlinge se konsentrasievermoë en hulle belangstelling in die klas toon.

Volgens Petty (1993:319-326) is lesbeplanning 'n kuns en nie 'n wetenskap nie en slegs wanneer onderwysers hulle vergewis van die doelstellings van die les, kan hulle 'n sukses daarvan maak. Die volgende punte is dus belangrik en moet in gedagte gehou word wanneer 'n les beplan word:

- die lesplan moet ooreenstem met die doelstellings;
- doelstellings moet duidelik aan die leerlinge verduidelik word;
- inoefening van kennis en vaardighede moet realisties geskied;
- die les moet logies gestruktureerd wees;
- leerlinge moet aktief deelneem en nie passief wees nie;

- die onderwyser moet deurgaans van onderrigmedia gebruik maak;
- die onderwyser moet die leerlinge gereeld motiveer, en
- die belangstelling van die leerlinge moet gewek en behou word.

Bogenoemde riglyne moet in gedagte gehou word tydens lesbeplanning want elkeen dra by tot die uitbou van 'n positiewe leerklimaat.

3.2.2 Stimulerende omgewing

Kruger en Van Schalkwyk (1992:107) maak melding dat daar sekere omgewingsfaktore binne, sowel as buite die klaskamer is wat 'n invloed het op klaskamerklimaat. Faktore wat meer direk met die klaskamer self te doen het en wat klaskamerklimaat beïnvloed, is die volgende:

- die organisasie van die klaskamerruimte - dit sluit in die rangskikking van skoolbanke, bewegingsruime in die klas, media, ens.;
- die versiering van die klaskamer;
- die beligting, en
- die ventilasie.

Kohn (1996:54-55) is van mening dat die meubels in die klaskamer so gerangskik moet word dat die onderwyser as 'n fasiliteerder gesien word. Leerlinge moet gemaklik rond kan beweeg. Hy meen ook dat muurversiering eerder uit die leerlinge se opdragte en projekte in die klas moet bestaan as die wat die onderwyser self maak.

Coetzee (1995:59) noem dat helderkleurige uitstallings, netjiese en kleurvolle kennisgewingborde en plakkate die omgewing kan ophelder maar dat dit gereeld gewissel moet word. 'n Visueel aantreklike klaskamer kan volgens haar daartoe bydra dat 'n positiewe klasklimaat geskep word. Deur gebruik te

maak van leerlingidees en -hulp met die versiering van klaskamers kan leerlinge se gesindheid ook positief beïnvloed word.

Gunter *et al.* (1990:247) is van mening dat die fisiese omgewing, in dié geval die klaskamer, moet beskik oor goeie ventilasie, beligting en matige temperatuur want indien die klaskamer te warm of te koud is, is dit moeilik vir die leerlinge om te konsentreer. Die onderwyser moet ook sy klaskamer gereeld anders inrig om dit stimulerend en toegankliker vir leerlinge te maak.

3.2.3 Onderrigstyl

Elke onderwyser het elkeen sy eie styl van onderrig. Volgens die HAT (1988:1105) beteken die woord *styl* die trant of wyse. Die aanbiedingstyl van elke onderwyser sal dus bepaal watter klimaat in die klas sal heers. Die aanbiedingstyl word bepaal deur 'n hele aantal faktore waarvan vier die belangrikstes is vir klimaatskepping en sal dus bespreek word.

3.2.3.1 Humor

MacAdam (1985:327-332) haal Gilbert Highet aan wat stel dat een van die beste kwaliteite van 'n goeie onderwyser 'n sin vir humor is. Dit hou verband met die skep van 'n positiewe klimaat in die klassituasie en maak dit moontlik vir die onderwyser, sowel as die leerlinge om saam te werk en saam te kan dink. Wanneer 'n onderwyser gebruik maak van humor kan dit 'n manier wees om op die vlak van sy leerders te kom en hulle op hul gemak te bring. Humor kan ook gebruik word as 'n manier om ontslae te raak van spanning in die klaskamer en om verhoudingsprobleme wat mag heers in die klaskamer uit die weg te ruim.

Krogh (1985:287-299) is van mening dat indien humor deel is van die klassituasie kan dit lei tot positiewe houdings van die leerlinge en dat hulle ook meer kreatief sal wees in die opdragte en take wat hulle moet uitvoer. Petty (1993:112) beklemtoon dat humor deur leerlinge aanvaar word. Die onderwyser het nie nodig om 'n komediant te wees nie, maar kan gebruik

maak van retoriese vraagstelling, aanhalings, oordrywing en kan selfs eksperimenteer met die tipe humor waarvan leerlinge hou.

Adkins en Rogers (1994:146) noem ook dat die gebruik van humor kan lei tot 'n produktiewe klimaat in die klaskamer en om 'n ontspanne atmosfeer te skep. Humor kan ook gebruik word om dissipline in die klaskamer te handhaaf en dit kan ook leerlinge help om vir hulself te lag.

Petty (1993:73) is van mening dat humor slegs gebruik moet word wanneer dit nodig is. Die gebruik van humor kan lei tot 'n ontspanne atmosfeer waar vertrouwe gebou kan word.

Dit blyk dus uit bogenoemde dat humor 'n belangrike rol kan speel in die skep van 'n positiewe klasklimaat.

3.2.3.2 Nieverbale kommunikasie

Seiler *et al.* (1984:50-51) is van mening dat 'n kind nieverbale kommunikasie saam met verbale kommunikasie aanleer. Nieverbale kommunikasie word verskillend geïnterpreteer deur verskillende kulture en daarom moet die onderwyser dit in gedagte hou. Onderwysers moet ook bewus wees dat gebare en gesigsuitdrukkings gepaard gaan met spraak. Sou die wyse waarop die onderwyser dan kommunikeer nie aanvaarbaar wees vir die leerlinge nie, kan dit die klasklimaat negatief beïnvloed.

Capel *et al.* (1995:335-336) noem dat daar soms versteekte boodskappe is wanneer die onderwyser besig is met onderrig. Voorbeelde hiervan is die volgende:

- Het die onderwyser oogkontak met sy/haar leerlinge tydens lesaanbieding?
- Hou die onderwyser se gesigsuitdrukking verband met dit wat die leerling sê?
- Wat is die afstand tussen die onderwyser en die leerlinge tydens

lesaanbieding?

- Glimlag die onderwyser wanneer leerlinge gedissiplineer word?
- Hoe gebruik die onderwyser sy hande?

Volgens Sears *et al.* (1985:65-70) is nieverbale kommunikasie die wyse waardeur inligting oorgedra word sonder enige woorde en dat dit deur middel van waarneembare en paralinguïsties kanale oorgedra word. Die waarneembare kanaal is die volgende:

- **Afstand**

Die algemene gevoel is dat 'n vriendelike en intieme persoon nader aan mense sal staan. Dit dui daarop dat die persoon in die ander persoon belangstel.

- **Gebare**

Navorsing het getoon dat uit die waargenome gebare van mense afgelei kan word wat die persoon wil sê of dink. Die gebare wat deur 'n onderwyser gebruik word, kan 'n groot invloed op die effektiwiteit van sy kommunikasie hê.

- **Oogkontak**

Oogkontak is een van die belangrikste vorme van nieverbale kommunikasie. Dit is belangrik dat 'n onderwyser deurgaans gebruik moet maak van oogkontak om die leerlinge se aandag te behou. Petty (1993:71-72) is van mening dat die gebruik van oogkontak ook aangewend kan word vir klasdissipline en ook 'n manier kan wees om leerlinge aan te moedig.

Die algemene mening is dat wanneer 'n onderwyser besig is met onderrig hy die les baie beter aan sy leerlinge sal aanbied as hy gebruik maak van nieverbale kommunikasie maar dat dit korrek aangewend moet word.

3.2.3.3 *Hantering van groepwerk*

Soos dit deur Coetzee *et al.* (1985:105-146) gestel is, is die mens sedert die grondlegging van die aarde as groepsweise geskape. Dit impliseer dat die mens 'n gespreksweise is en met sy medemens in noue kontak leef en kommunikeer. Deur middel van groepwerk moet gepoog word om alle leerlinge aktief en denkend by die onderrigleersituasie te betrek. Indien groepwerk nie goed beplan word nie kan dit lei tot chaos in die klas.

Coetzee *et al.* (1985:108) definieer groepwerk as 'n organisatoriese werkwyse in die onderigleersituasie waardeur sorgvuldig geselekteerde en duidelike omlynde probleemsituasies of projekte deur afsonderlike groepies leerlinge aangepak word. Gesamentlik staan die groepe onder leiding van een van hulle groepmaats, of die onderwyser wat indien dit nodig steeds beskikbaar vir leiding en oorlegpleging is. Dusdoende word die taak op 'n demokratiese wyse afgehandel sodat terugrapportering na die klasgroep vir 'n finale standpunt en uitspraak kan geskied.

Fraser *et al.* (1990:77-78) noem dat daar die volgende verskillende sosialiserende onderrigaktiwiteite is waaraan die klas kan deelneem, naamlik:

groepbesprekings,
seminare,
debatte,
spanwerk,
gongsgroepe,
dinkskrums,
groepprojekte, en
dramatiserings.

Avenant (1980:156-157) en Collins (1986:51-52) gee duidelike riglyne wat gevolg kan word oor hoe groepwerk effektief aangebied kan word. Die riglyne is soos volg:

- daar moet 'n groepleier wees uit die leerders;
- groepe se grootte moet wissel tussen 5-7 leerders;
- die onderwyser moet optree as fasiliteerder;
- daar moet doelwitte wees in die groepe;
- groepwerk moet berus op demokratiese prosedures;
- dit moet voorsien in die leerlinge se behoefte aan sekuriteit en aanvaarding;
- dit moet voorsiening maak vir leierskapontwikkeling, en
- die omgewing moet so aangepas word dat dit die groepe kan akkommodeer.

Groepwerk kan van groot waarde wees vir die kind, sowel as die onderwyser indien die implementering tydens die onderrigleersituasie ordelik geskied. Dit dien ook as 'n motiveerder omdat dit afwyk van die tradisionele klaskamerpraktyke en eerder 'n geleentheid bied vir 'n positiewe interaksie tussen onderwyser en leerling.

3.2.3.4 *Demokratisering*

Volgens die mening van Zabel en Zabel (1996:124) kan daar effektiewe onderrig en leer plaasvind indien 'n onderwyser gebruik maak van 'n demokratiese onderrigstyl. Riglyne vir dié wyse van onderrig is soos volg:

- moedig leerlinge aan om betrokke te wees en deel te neem;
- moedig positiewe interpersoonlike verhoudinge aan;
- ontwikkel wedersydse respek en omgee;
- goeie luistervaardighede, en

- beskerming en aanmoediging van leerders.

In die nuwe gees van demokrasie in Suid-Afrika behoort die onderwyser ook in die klaskamer 'n klimaat te skep waar die leerlinge se stem, menings en deelname aan besluite belangrik is.

3.2.4 Interpersoonlike verhoudings

Met verwysing van Pretorius (1989:53) en Kruger en Van Schalkwyk (1992:107-109) in die vorige hoofstuk word die volgende riglyne gegee om interpersoonlike verhoudings met die leerlinge aan te knoop, naamlik:

- spreek die kind op sy naam aan;
- stel opreg in die kind belang;
- vermy kritiek en oordeel;
- laat dit maklik lyk om foute te herstel;
- eerlik en opregte waardering en erkenning;
- glimlag;
- laat die kind die geselswerk doen;
- laat die kind belangrik voel;
- vermy konflik en argumente;
- toon respek vir die kind se menings;
- erken eie foute;
- wees simpatiek;
- betoon geestelike diepte;
- gee om vir ander mense, en
- wees interressant en entoesiasies.

Opsommend kan gesê word dat interpersoonlike verhoudinge 'n belangrike rol speel vir die skep van 'n positiewe klasklimaat.

3.2.5 Orde, dissipline en klasbeheer

Sommige onderwysers ervaar baie dissiplinêre probleme in die klaskamer terwyl andere weer 'n klimaat kan skep waar leerlinge wil leer en veilig voel. Goeie dissipline is 'n vereiste vir 'n positiewe klasklimaat. Adkins en Rogers (1994: 145 -148) is van mening dat die probleme wat onderwysers in hulle klasse ervaar, bestaan omdat daar te veel reëls en regulasies is. Leerlinge mag byvoorbeeld nie praat of rond beweeg nie dan ervaar hulle die klimaat as intimiderend. Volgens hulle moet daar 'n klimaat heers soos die in 'n gesin waar vertroue en aktiewe luister baie probleme kan oplos. Stellwag, Vuyk en Van de Griend (1967:28) noem ook dat baie van die dissiplinêre probleme wat onderwysers in die skool ervaar, is van die gesinsopset afkomstig.

Adkins en Rogers (1994:145-148) doen aan die hand dat sekere begrippe wat verband hou met klimaat deur die leerlinge in 'n woordeboek nageslaan moet word sodat hulle die betekenis van begrippe soos samewerking, vriendskap, verantwoordelikheid, volharding en integriteit kan verstaan.

Drinkwater (1993:4-5) en Robertson (1996:180-182) doen aan die hand dat die onderwyser die volgende riglyne moet volg om goeie klasdissipline te handhaaf en om sodoende 'n positiewe klasklimaat te skep:

- lesse moet betyds in aanvang neem;
- lesse moet interessant aangebied word;
- daar moet wedersydse respek tussen onderwyser en leerling wees aangesien beide skepsels van God is;
- om 'n gemoedelike atmosfeer in die klaskamer te skep, waar spontane interaksie tussen onderwyser en leerlinge bestaan wat deur vriendelikheid en 'n sin vir humor gesteun word;

- dit is raadsaam om nie net die simptome van wangedrag te probeer behandel nie, daar moet ook na die oorsake daarvan gekyk word;
- onderwerpe moet deeglik bespreek word;
- die onderwyser moet altyd vriendelik wees;
- die onderwyser moenie op leerlinge skree nie;
- die onderwyser moet altyd 'n sindelike voorkoms hê;
- leerlinge wat hulle beste lewer, moet beloon word;
- daar moet duidelike klasreëls opgestel word en aan die leerlinge verduidelik word;
- die onderwyser moet in beheer wees van die situasie, en
- gee erkenning en spreek waardering uit teenoor leerlinge wat 'n positiewe inset lewer, sodat dit as motivering vir ander kan dien.

Petty (1993:75) is van mening dat indien 'n onderwyser nie 'n les deeglik beplan het nie, dui dit daarop dat hy of sy nie oor goeie organisasievaardighede beskik nie. So 'n werkwyse kan nie 'n goeie onderwyser-leerling-verhouding genereer nie en dat effektiewe dissipline dan nie moontlik is nie. Volgens hom is dit ook belangrik om na oplossings te soek indien daar dissiplinêre probleme is. Die onderwyser moet waak teen dissipline wat egosentries is, want reëls moet op 'n demokratiese wyse bepaal en neergelê word.

Volgens Savage (1991:25-33) is reëls 'n integrale deel van elke mens se lewe; daarom moet die ontwerp van klasreëls nie slegs betrekking hê op die leerlinge nie maar moet daar ook reëls wees vir die onderwyser. Vereistes wat Savage aan klasreëls stel is die volgende:

- dit moet duidelik wees;
- dit moet uitgeoefen word ;

- dit moet gereeld gemonitor word, en
- die onderwyser moet konsekwent optree.

Zabel en Zabel (1996: 123-124) verskaf die volgende riglyne wat gevolg kan word om dissipline, orde en klasbeheer te bewerkstellig, naamlik:

- deeglike beplanning,
- deeglike organisasie en bestuur van die klaskamer,
- selfbeheer,
- respek,
- omgee, en
- aanmoediging.

Dit blyk dus dat goeie orde en dissipline van uiterste belang is vir 'n goeie leerklimaat.

3.2.6 Ouerbetrokkenheid

Coetzee (1995:61) noem dat ouerbetrokkenheid aangemoedig moet word. Nooi ouers uit na spesiale oueraande en korrespondeer met ouers oor die leerlinge se vordering en leerinhoud wat gedek is. Op die wyse behoort 'n meer positiewe gesindheid geskep te word, want dan word ouers bewus van wat tydens die klassituasie plaasvind.

Bell (1976:2-4) rapporteer dat die ouerhuis deurgaans die kind moet motiveer en die kind moet nie net intellektueel opgevoed word nie maar moet ook duidelike geestelike en morele ondersteuning ontvang. Hy noem dat slegs wanneer die kind in die huisomgewing goeie leiding ontvang ten opsigte van onderrig sal die kind die beste uit die onderwys kry. Hy doen aan die hand dat ouers, boeke, tydskrifte en leesmateriaal in die huis moet hê. Ouers moet deurgaans hul kinders ondersteun en motiveer.

In Wolfendale en Topping (1996:33-34, 42-43) verwys Glynn dat die ouerhuis en die skool 'n vennootskap is en dat goeie samewerking 'n noodsaaklikheid is. Hierdie vennootskap is gebaseer op drie argumente:

- eerstens, dat ouers is burgers van die gemeenskap en het 'n stem in die skool deur middel van beheerliggame;
- tweedens, dat ouers hul sienswyse van onderrig moet verander sodat daar in die nood van hulle kinders voorsien kan word, en
- derdens moet die onderwyser dien as 'n verlengstuk van die ouerhuis en die positiewe gesindheid wat die ouer toon teenoor die onderwyser sal verder kristalliseer in die sekondêre skoolfase.

Coetzee (1995:61) verwys na 'n paar riglyne wat gebruik kan word om ouerbetrokkenheid aan te moedig, naamlik:

- nooi ouers na spesiale oueraande;
- korrespondeer met ouers oor die leerlinge se vordering;
- ouers kan behulpsaam wees met sekere aktuele leerinhoud wat aangebied kan word, en
- ouers kan gemotiveer word om behulpsaam te wees met die opknapping van klaskamers en skoolgeboue.

Opsommend kan gesê word dat indien die ouer 'n positiewe beeld van die onderwyser aan die kind voorhou, kan dit wondere in die klaskamer verrig. Ouers moet dus nie die vertrouwe wat kinders in hulle onderwysers het, versteur nie, maar eerder positiewe opmerkings van 'n onderwyser maak. Die onderwyser sal dit hoog op prys stel. Laastens kan gesê word dat indien leerlinge agterkom dat ouers betrokke is, kan dit houdings en ingesteldhede verander.

3.2.7 Motivering

Moore (1989:200-203) en Coetsee (1996:200) verskaf 'n aantal riglyne wat gevolg kan word om leerlinge te motiveer. Indien 'n leerling nie gemotiveerd is nie kan dit aanleiding gee tot gedragsprobleme in die klaskamer wat die onderrigleersituasie negatief kan beïnvloed.

Die riglyne wat hulle aanbeveel is soos volg:

- verduidelik aan die leerlinge die gedrag wat van hulle verwag word;
- verwag die beste van jou leerlinge want dit kan dien as motivering;
- deel verwagtinge in die klas;
- skep self as onderwyser 'n positiewe klasklimaat;
- stimuleer pogings wat deur leerlinge aangewend word;
- ontwikkel duidelike en uitdagende doelstellings;
- ontsluit en benut die potensiaal van leerlinge;
- sorg dat vergoeding en erkenning billik en betekenisvol is;
- wees aktief betrokke by u leerlinge;
- kapitaliseer die idees en gedagtes van die leerlinge;
- gee intrinsieke en ekstrasieke belonings vir prestasies van leerlinge;
- maak gebruik van kompetisie omdat leerlinge daarvan hou om te wen, die beste te wees, solank dit nie deur onderwysers oorbeklemtoon word nie, en
- verminder vrees by leerlinge deur nie onnodige druk op hulle te

plaas nie, byvoorbeeld onrealistiese opdragte, klastoetse en eksamens.

Om leerlinge te motiveer is nie maklik nie. Die riglyne wat hierbo verskaf is, is nie altyd ten alle tye moontlik om toe te pas nie dus moet die onderwyser ook sy eie tegnieke en metodes voordurend ontwikkel om die leerlinge te motiveer.

3.2.8 Die bou van 'n positiewe selfbeeld by leerlinge

Pretorius (1989:57-60) is van mening dat as die onderwyser die selfbeeld van die leerling positief bou, sal dit konflik en onaangename situasies in die klas vermy. Die onderwyser kan dit bewerkstelling deur die volgende te doen :

- *respek* vir leerlinge se menswaardigheid en die projeksie van die besef dat hulle kosbaar en belangrik is, en hierdie respek lei tot wedersydse respek;
- *keusevryheid* veral vryheid van eie keuses, en die reg om self foute te maak en daaruit te leer, moet erken word;
- wanneer die leerlinge *warmte* ervaar, voel hulle veilig en op hulle gemak;
- daar moet goeie *kontrole* en dissipline gehandhaaf word, en
- *sukses* is die grootste enkele bepaler van selfbeeld en daarom moet die onderwyser ingestel wees om eerder aanprysing as blaam oor te dra.

Indien die onderwyser daarin slaag om die leerlinge se selfbeeld uit te bou, sal hulle meer aktief en belangstellend in die klas wees.

3.3 ALGEMENE RIGLYNE VIR DIE ONDERWYSER VIR DIE SKEP VAN 'N POSITIEWE KLASKLIMAAT AAN 'N SEKONDÊRE SKOOL

Tot dusver is klem gelê op die didaktiese riglyne vir die skep van 'n positiewe klasklimaat. Daar kan ook enkele algemene riglyne gestel word en die onderwyser kan hierdie wenke gebruik soos dit van toepassing op die bepaalde situasie is; die onderwyser is ook vry om gebruik te maak van eie tegnieke en metodes.

In aansluiting by Ferguson (1995:73-75) kan die volgende algemene riglyne aangewend word om 'n positiewe klasklimaat te help skep:

- vestig 'n gevoel van welwillenheid;
- vernuwe denke oor adolessente;
- groet altyd die leerlinge beleefd;
- wees altyd hulpvaardig;
- gee erkenning aan hulle persoonlike voorkoms en vermoëns;
- moenie sarkasties wees nie;
- luister ook na wat leerlinge te sê het;
- moenie bevooroordeelde wees teenoor leerlinge wat nie almal ewe vinnig begryp nie;
- probeer om die ouers en voogde beter te leer ken
- wees opreg teenoor ouers;
- verkry soveel inligting van u leerlinge as moontlik by hul ouers;
- gereelde huisbesoeke;
- gesels met leerlinge oor hul vordering in hul skoolwerk;

- stel belang in hul buitemuurse aktiwiteite;
- noem die waarde van geleerdheid as toekomsbouer aan die leerlinge;
- gee baie om vir minderbevoorregte leerlinge, en
- moenie slegs huisbesoek doen wanneer die leerling fouteer het nie, maar ook wanneer hy/sy iets positief gedoen het.

3.4 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING

In hierdie hoofstuk is klem gelê op didaktiese sowel as enkele algemene riglyne wat gevolg moet word vir die skep van 'n positiewe klasklimaat aan 'n sekondêre skool. Dit wil voorkom of daar 'n sterk verband bestaan tussen didaktiese effektiwiteit en die heersende klaskamerklimaat en dat die onderwyser grootliks verantwoordelik is vir die skep van die klimaat.

In hoofstuk 4 sal gekyk word na die empiriese ondersoek wat geloods is by 'n bepaalde sekondêre skool.

HOOFSTUK 4

EMPIRIESE ONDERSOEK TEN OPSIGTE VAN KLASKLIMAAT

4.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is aandag geskenk met behulp van die literatuurstudie om didaktiese riglyne te verskaf vir die skep van 'n positiewe klasklimaat aan 'n sekondêre skool.

In hierdie hoofstuk sal daar in diepte gekyk word na die meetinstrument wat gebruik sal word tydens die empiriese ondersoek en die samestelling daarvan. Deur middel van die meetinstrument sal bepaal word wat die huidige klasklimaat aan 'n bepaalde sekondêre skool is en om vas te stel watter tegnieke of metodes onderwysers tans gebruik word om 'n positiewe klasklimaat te skep.

In die hoofstuk sal daar ook verwys word na die populasie asook die terugvoering wat ontvang is. Laastens sal die resultate weergegee, ontleed en bespreek word.

4.2 DIE MEETINSTRUMENT

4.2.1 Die vraelys

Die meetinstrument wat in die ondersoek gebruik is, is 'n gestruktureerde, meerkeusige vraelys waar die respondent op 'n vyfpuntskaal haar/sy reaksie

op 'n gegewe stelling weergee. Voordat die bepaalde vraelys bespreek gaan word, sal daar eers gekyk word na die voor- en nadele van 'n vraelys na aanleiding van Mentz (1990:149-149) en Hopkins (1993:136) se opvatting. Daar sal ook gekyk word na die betroubaarheid en geldigheid van die vraelys.

4.2.2 Voordele van 'n vraelys

Die gebruik van 'n vraelys om inligting in te win, het die volgende voordele:

- 'n vraelys is meer tyddoeltreffend en meer prakties van aard;
- die verskaffing van gestandaardiseerde instruksies vergemaklik die invul van die vraelys;
- die response op die vrae wat gevra word, kan maklik ontleed word;
- die eenheidskoste is relatief laag;
- die respondent het groot vryheid wat betref die plek, tyd en tempo om vraelys in te vul;
- baie inligting kan binne 'n kort tyd ingesamel word;
- geografiese afstand is nie 'n struikelblok nie, aangesien die vraelys persone wat naby en ver is, ewe effektief kan betrek;
- daar is nie baie faktore van buite wat respondente op verskillende wyses beïnvloed nie, aangesien alle vraelyste identies is, en
- gewoonlik is respondente anoniem wat 'n groter openheid in die verskaffing van antwoorde by die respondent tot gevolg kan hê.

4.2.3 Nadele van 'n vraelys

Die gebruik van 'n vraelys om inligting in te samel, het ook verskeie nadele soos byvoorbeeld die volgende:

- die geldigheid van 'n vraelys kan moeilik bepaal word;
- dit is moeilik om 'n vraelys so op te stel dat al die respondente al die vrae op dieselfde wyse verstaan en interpreteer;
- in die reël word 'n hoë persentasie terugvoer moeilik verkry;
- die publiek is oor die algemeen negatief teenoor die invul van vraelyste;
- 'n vraelys word as onpersoonlik ervaar;
- 'n vraelys het die beperking dat die gebruik daarvan beperk is tot geletterde persone;
- daar is te min kontrole oor wie die vraelyste ingevul het, en
- die opstel en die gereed kry van 'n vraelys neem baie tyd in beslag.

4.2.4 Geldigheid en betroubaarheid van 'n meetinstrument

4.2.4.1 Geldigheid

Van der Westhuizen (1979:22) meen dat geldigheid is een van die belangrikste aspekte wat die waarde van 'n meetinstrument bepaal. Anastasi (1988:131) is van mening dat 'n meetinstrument se graad van geldigheid afhang van die doel waarvoor dit gebruik word. Smit (1981:145) verwys na geldigheid as die mate waarin 'n toets meet wat dit veronderstel is om te meet. Daar is vier soorte geldigheidskategorieë, naamlik inhouds-, voorspellings-, saamvallende of meegaande en operasionele geldigheid.

4.2.4.2 Betroubaarheid

Volgens Smit (1981:131) is betroubaarheid die mate van konsekwentheid en / of akkuraatheid waarmee 'n meetinstrument meet.

4.2.4.3 Die verband tussen geldigheid en betroubaarheid

Die betroubaarheid van 'n meetinstrument beïnvloed die geldigheid daarvan: hoe laer die betroubaarheid van 'n meetinstrument, hoe laer of kleiner sal die geldigheid daarvan wees (Mason & Bramble, 1978:270 in Smit, 1981:149). Hoë betroubaarheid verseker nie hoë geldigheid nie, want betroubaarheid het niks te make met wat die meetinstrument evalueer nie, maar slegs met die konsekwentheid en akkuraatheid waarmee getoets of geëvalueer word. Geldigheid dui die mate aan waarin die meetinstrument daarin slaag om dit te meet waarvoor dit opgestel is. 'n Geldige meetinstrument sal ook 'n betroubare meetinstrument wees.

4.2.5 Die CES-vraelys

In hoofstuk twee is verskeie vraelyste om klasklimaat te bepaal kortliks bespreek insluitende die CES-vraelys wat in hierdie empiriese studie gebruik is.

Die CES-vraelys sal veral deur die leerlinge voltooi word. 'n Afsonderlike vraelys is ontwerp om die inligting by die onderwysers in te win oor watter tegnieke en metodes hulle gebruik om 'n positiewe klasklimaat aan 'n sekondêre skool te skep.

Die *Classroom environment scale* is aanvanklik ontwikkel deur Rudolf Moos aan die Universiteit van Stanford. Die verkorte vorm van die CES bestaan dus uit vier-en-twintig vrae wat in ses onderafdelings verdeel is. Die onderafdelings handel oor leerlingbetrokkenheid, groepsamehorigheid, rapport, taakgerigtheid, klasbeheer en -reëls. Die vraelys is in 1992 deur Vreken vertaal en aangepas.

Die volgende tabel sal beskrywende inligting verskaf oor die CES-vraelys soos dit in Coetzee (1995:77) vervat is.

Tabel 4.1: Inligting oor die CES-vraelys

SKAALNAAM / TEMA	BESKRYWING VAN SKAAL	VRAAGNOMMER
Betrokkenheid	Dui die mate aan van die leerlinge se oplettendheid, meelewendheid en betrokkenheid ten opsigte van die klasaktiwiteite.	1, 7, 13 en 19
Groepsamehorigheid	Verwys na die sosiale interaksie tussen leerlinge, die mate waar leerlinge mekaar beter in klasverband leer ken en dit geniet om saam te werk.	2, 8, 14 en 20
Rapport	Impliseer die mate waarin die onderwyser die leerlinge ondersteun en persoonlike belangstelling toon.	3, 9, 15 en 21
Taakgerigtheid	Verwys na die belangrikheid van die afhandeling van klastake en die wyse waarop die klasaktiwiteite rondom die bereiking van spesifieke doelstellings / doelwitte plaasvind.	4, 10, 16 en 22
Klasbeheer	Verwys na die wyse waarop die beheer en organisasie van klasaktiwiteite hanteer word sowel as na die leerlinge se klasgedrag.	5, 11, 17 en 23
Klasreëls	Dui op die daarstelling van duidelike reëls, die toepasing daarvan en konsekwente straf vir 'n oortreding daarvan.	6, 12, 18 en 24

Die vraelys aan die onderwysers is opgestel deur die skrywer om te bepaal watter didaktiese riglyne deur onderwysers gebruik kan word om 'n positiewe klasklimaat aan 'n sekondêre skool te skep. Die vraelys is 'n invulvraelys waar onderwysers hulle eerlike mening gee ten opsigte van die items op die vraelys.

4.3 POPULASIE

Die empiriese studie is beperk tot 'n bepaalde sekondêre skool in Klerksdorp wat onder beheer is van die Noordwes Onderwysdepartement. Alle onderwysers is betrek in die ondersoek [N=36] en al die leerlinge van die skool vanaf graad 8 tot graad 12 [N = 1038]. Die leerlinge aan die skool bestaan uit nagenoeg ewe veel Afrikaanssprekende sowel as swarttaalsprekende leerlinge.

4.4 ADMINISTRATIEWE PROSEDURES

4.4.1 Toestemming vir empiriese studie aan die bepaalde sekondêre skool

Briewe is onderskeidelik gerig aan die Kringbestuurder van die Klerksdorponderwysdistrik en die prinsipaal van die bepaalde skool om toestemming vir die empiriese navorsing aan die spesifieke skool te verkry.

Toestemming is verleen deur beide persone. Die vraelyste is versprei en beantwoord tydens die eerste periode van die skooldag. Die leerlinge moes die klasklimaat evalueer by die betrokke onderwyser waar hulle op daardie stadium hul vir klasonderrig bevind het.

Die vraelyste is gedupliseer en die navorser het persoonlik die vraelyste aan die onderwysers verduidelik sodat hulle dit aan die leerlinge kon verduidelik.

4.4.2 Die verwerking van data

Die data wat ingesamel is, is met behulp van die hoofrekenaar van PU vir CHO verwerk. Daar is gebruik gemaak van 'n SAS-rekenaarprogram vir die verwerking van die data (SAS Institute, INC., 1988).

Nadat die data ingesleutel is op die hoofrekenaar van die PU vir CHO is dit gekontroleer vir moontlike insleutelfoute. Daarna is dit verwerk met behulp van die SAS-program (SAS Institute, Inc., 1988)

4.4.3 Statistiese tegnieke vir die verwerking van data

Die volgende statistiese tegnieke is gebruik tydens die verwerking van die data.

4.4.3.1 *Rekeningkundige gemiddeldes*

Tydens die verwerking van die data is rekeningkundige gemiddeldes gebruik om 'n opsommende beeld van 'n reeks gegewens te gee. Volgens De Wet *et al.* (1981:176) word sentrale waardes gebruik om 'n opsommende beeld van 'n reeks gegewens te gee.

Oosthuizen (1984:29) is van mening dat die belangrikste, nuttigste en mees sentrale waarde die rekenkundige gemiddelde is en word gedefinieer as die som van 'n stel waardes gedeel deur die getal waardes.

4.4.3.2 Effekgroottes

Die formule $d = \frac{X_1 - X_2}{S \text{ Maks}}$ word gebruik by die berekening van die

effekgroottes, waar die X_1 die gemiddeld van een groep, X_2 die gemiddeld van die ander groep is en $S \text{ Maks}$ die grootste standaardafwyking is (Cohen, 1988:19-66). Die volgende afsnypunte word gebruik:

$d = 0,2$	:	klein effek	*
$d = 0,5$	:	medium effek	**
$d = 0,8$	:	groot effek	*** (Cohen, 1988:19-66)

Die verskil tussen die waardes wat deur twee verskillende groepe (bv. seuns en dogters) toegeken is, is prakties betekenisvol indien d gelyk aan of groter as 0,8 is.

4.5 ANALISE VAN DATA TEN OPSIGTE VAN KLASKAMER-KLIMAAT SOOS DIT DEUR DIE LEERLINGE ERVAAR IS

4.5.1 Beskrywing van die ondersoekpopulasie

Die leerlinge aan die parallelmediumskool is soos volg verdeel:

Tabel 4.2 Populasie leerlinge

	AFRIKAANSSPREKEND		SWARTTAALSPREKEND	
GRAAD	SEUNS	DOGTERS	SEUNS	DOGTERS
8	65	66	27	67
9	84	99	59	54
10	43	42	37	43
11	43	42	49	53
12	47	53	22	44
TOTAAL	282	302	194	261

Aantal seuns = 476

Aantal dogters = 563

GROOTTOTAAL = 1038

Volgens die indeling van die skool is dit opvallend dat die dogters in beide tale meer is as die seuns. Die getalle van die dogters is min of meer eweredig versprei behalwe by die graad 9-groepe.

Die verskillende grade is ook eweredig verspreid behalwe by die graad 9-groep waar die getalle oorheersend is. Die aantal Afrikaanssprekende leerlinge is meer as die swarttaalsprekende leerlinge. Die rede vir hierdie

verskynsel is omdat die skool tradisioneel 'n Afrikaanssprekende skool was. Met die veranderinge in 1994 het die skool ook swarttaalsprekende leerlinge ingeneem.

4.5.2 KLASKLIMAAT SOOS BELEEF DIT WORD DEUR SEUNS EN DOGTERS


In tabel 4.3 gaan daar 'n vergelyking getref word tussen seuns en dogters ten opsigte van die klimaatveranderlikes by die skool.

Tabel 4.3 Klasklimaat : Seuns / dogters

	SEUNS	DOGTERS		
KLIMAATVER-ANDERLIKES	Gemiddelde %	Gemiddelde %	ST.	d-Waarde
Betrokkenheid	70,3	71,6	16,4	-0,08 *
Groepsamehorigheid	67,6	68,5	18,7	-0,05 *
Rapport	68,5	68,8	19,2	-0,03 *
Taakgerigtheid	68,8	70,1	15,7	-0,08 *
Klasbeheer	66,0	68,1	16,6	-0,13 *
Klasreëls	67,9	71,8	17,9	-0,22 **
TOTAAL	68,1	69,9	10,9	-0,17 *

Seuns sowel as dogters beleef die verskillende klasklimaatveranderlikes in naastendieselfde mate. Die dogters beleef die klasklimaat in geheel meer intens as die seuns (69,9% teenoor 68,1%). In geen van die gevalle is daar prakties betekenisvolle verskille tussen die seuns en dogters se persepsies nie.


Ten opsigte van klasreëls het die dogters 'n hoër persepsie as die van die seuns. Dit kan heel moontlik verklaar word omdat dogters meer onderdanig is aan gesag en reëls as seuns oor die algemeen. Volgens die tabel is die dogters se gemiddelde persentasie vir klasbeheer ook hoër as dié van die seuns (vgl. 68,1% teenoor 66,0%).



4.5.3 Klasklimaat soos beleef deur die twee taalgroepe

Tabel 4.4 Klasklimaat : Taalgroepe

KLIMAATVERAN- DERLIKES	AFRIKAANS- SPREKEND Gemiddelde %	SWARTTAAL- SPREKEND Gemiddelde %	ST.	d-Waarde
Betrokkenheid	71,9	69,8	16,6	0,13 *
Groepsamehorig- heid	66,2	70,3	18,5	0,22 **
Rapport	71,7	64,8	19,1	0,36 **
Taakgerigtheid	69,7	69,2	15,9	0,03 *
Klasbeheer	67,6	66,6	16,6	0,06 *
Klasreëls	70,3	69,7	18,6	0,03 *
TOTAAL	69,7	68,4	10,9	0,12 *



Volgens die inligting op die tabel 4.4 is daar nie groot verskille tussen die Afrikaans- en swart taalprekende leerlinge ten opsigte van die klimaatveranderlikes nie.

Volgens tabel 4.4 is die klimaatveranderlike groepsamehorigheid hoër by die swarttaalsprekende as by die Afrikaanssprekende leerlinge. Dit wil voorkom asof die swart leerlinge beter in groepe kan saamwerk as die Afrikaanssprekende leerlinge. Uit eie waarneming tydens klassituasies het die skrywer agtergekom dat hulle meer in groepe saamwerk terwyl die Afrikaanssprekende leerlinge meestal individueel werk. Die groepneiging by die swarttaalsprekende leerlinge kan moontlik voortspruit uit hul kultuuragtergrond.

Ten opsigte van rapport is die Afrikaanssprekende leerlinge se gemiddeld hoër as dié by die swarttaalsprekende leerlinge (71,7 teenoor 64,8). Die rede vir die verskynsel is waarskynlik omdat die skool uit Afrikaanssprekende onderwysers bestaan. Daar is slegs een swarttaalsprekende onderwyser en dit kan dus problematies vir die swarttaalsprekende leerlinge wees om met die Afrikaanssprekende onderwysers te kommunikeer.

4.6 BESPREKING VAN DATA WAT INGESAMEL IS DEUR DIE VRAELYS WAT DEUR DIE ONDERWYSERS VOLTOOI IS

4.6.1 Menings van onderwysers oor klimaatveranderlikes

Daar is 36 onderwysers in die personeel van die betrokke skool. Elkeen het 'n vraelys ontvang waarvan 30 (83%) vraelyste terug ontvang is. Die response wat van die onderwysers ontvang is, sal persentasiegewys aangedui word.

Eerstens sal daar na die menings van die onderwysers gekyk word ten opsigte van die verskillende klimaatveranderlikes.

4.6.1.1 *Klimaatveranderlike: Leerlingbetrokkenheid*

Die onderwysers het hul mening uitgespreek oor hierdie veranderlike. Die wyse waarop hulle 'n klimaat van betrokkenheid tydens hul onderrig wou skep, word vervolgens aangedui:

- Vraagstelling 39,0%
- Groepsaktiwiteite 19,4%
- Werksopdragte 16,6%
- Leerders se name te ken 8,3%

4.6.1.2 *Klimaatveranderlike: Groepsamehorigheid*

Onderwysers is van mening dat leerders daartoe neig om met mekaar te assosieer en met mekaar saam te werk. Onderwysers maak hoofsaaklik gebruik van groepsprojekte om 'n klimaat van samehorigheid te skep.

4.6.1.3 *Klimaatveranderlike: Rapport*

Al die onderwysers toon dat hulle deurgaans poog om 'n klimaat van wedersydse vertroue by leerlinge te kweek deur verantwoordelikheid aan hulle toe te vertrou en met leerlinge oor dit wat hul pla te gesels.

4.6.1.4 *Klimaatveranderlike: Taakgerigtheid*

Die onderwysers stel doelwitte en sperdatums aan leerlinge om hulle te help om taakgerig te werk en hul take in 'n bepaalde tyd af te handel.

4.6.1.5 *Klimaatveranderlike: Klasbeheer*

Die meningsopname by die onderwysers toon dat hulle sorg dat hulle altyd in beheer is van die klas. Groepwerk en klasbespreking word gebruik sodat klasse nie so eentonig is nie en leerlinge die klas of lesaanbieding kan deelneem.

4.6.1.6 *Klimaatveranderlike: Klasreëls*

69,4% onderwysers stel self klasreëls op terwyl 13,6% klasreëls opstel saam met die leerlinge. Die onderwysers beweer dat hulle deurgaans konsekwent is met die toepassing van reëls.

Opsommend kan gesê word dat onderwysers poog om 'n positiewe klasklimaat in hulle klasse te skep.

4.6.2 Humor

Alle onderwysers beskou humor as 'n verdienstelike komponent van klaskamerkommunikasie, maar dit moet nie die hoofsaak van die les wees nie. Leerlinge moet uitkom by die doelwit wat vir die les bepaal is. Na aanleiding van 3.2.3.1 behoort humor slegs aangewend te word om die klimaat in die klaskamer te verander.

4.6.3 Belangrikheid van veranderlikes

72,2% onderwysers het getoon dat die klimaatveranderlikes belangrik is om die doel tydens lesaanbieding te bereik. 10,8 % onderwysers is van mening dat daar eksterne faktore is wat daartoe lei dat hulle nie hul doel bereik nie. Die faktore is die volgende:

- oorvol klasse;

- te kort aan handboeke, en
- oorlaai met voorbereiding (party onderwyser moet vier verskillende vakke aanbied wat hulle werk bemoeilik).

4.7 MENING VAN ONDERWYSERS OOR DIDAKTIESE RIG- LYNE VIR DIE SKEP VAN 'N POSITIEWE KLASKLIMAAT

4.7.1 Lesbeplanning en aanbieding

Die volgende faktore tydens lesbeplanning- en aanbieding help volgens die mening van onderwysers om 'n positiewe klasklimaat te skep:

- leerlinge moet betrek word tydens lesaanbieding;
- les moet kort en saaklik wees;
- relevante temas moet behandel word;
- deeglike voorbereiding lei tot selfvertroue om voor leerlinge op te tree;
- doelgerigtheid in lesaanbieding;
- gebruik verskillende handboeke;
- tydens lesbeplanning word leerinhoud en onderrigmedia geïntegreer;
- beplanning moet nie te rigied wees nie, en
- deeglike beplanning gepaard met toepaslike navorsing hou onderwysers op hulle tone.

4.7.2 Humor

Alle onderwysers is van mening dat humor 'n belangrik faktor is tydens lesaanbieding maar moet nie oordoen word nie.

4.7.3 Nieverbale kommunikasie

Oogkontak en handgebare is belangrik. Dit laat die leerlinge meer aandag gee en maak leerlinge bewus daarvan dat die onderwyser in beheer is en dat hy weet wat in die klas aangaan.

4.7.4 Groepwerk

Onderwysers is van mening dat die gebruik van gesamentlike werkopdragte, klasprojekte en groepwerk lei tot die ontwikkeling van sosialiseringvaardighede.

4.7.5 Demokratisering

Baie van die onderwysers het die vraag waarskynlik nie reg geïnterpreteer nie. 28% beweer hulle gebruik hierdie onderrigstyl. 55% gee nog onderrig op die tradisionele wyse en is eintlik bevrees dat leerlinge die beheer in die klas sal oorneem.

4.7.6 Orde, dissipline en klasbeheer

69% onderwysers is van mening dat 'n onderwyser ferm maar tog ook regverdig moet optree. Hulle stel ook self klasreëls op. 14% onderwysers stel saam met die leerlinge klasreëls op. Laasgenoemde gesamentlike poging dui op 'n demokratiese onderrigmetode.

4.7.7 Ouerbetrokkenheid

80% onderwysers doen huisbesoeke, reël vakvergaderings met ouers van leerders om hul vordering te bepreek. Onderwysers voel dat daar baie van hulle kant gedoen word om uit te reik na ouers maar dat ouers te passief is.

4.7.8 Motivering

Alle onderwysers beskou motivering as belangrik en dat leerlinge beloon moet word as hulle goed presteer. Die swak presteerder moet nie uitgesluit word nie maar moet eerder gemotiveer word.

4.7.9 Bou van 'n positiewe selfbeeld

80% onderwysers beskou die ontwikkeling van 'n positiewe selfbeeld by leerlinge as belangrik en dat die onderwyser 'n deurslaggewende rol kan speel om leerlinge se selfbeeld te bou.

4.8 ANDER TEGNIEKE EN METODES WAT GEBRUIK KAN WORD OM 'N POSITIEWE KLASKLIMAAT TE SKEP

19% onderwysers het die vraag nie beantwoord nie, terwyl die res basies dieselfde tegnieke en metodes aangedui het as wat reeds in die vraelys voorkom.

4.9 FISIESE OMGEWING

Alle onderwysers het gereageer op hierdie afdeling van die vraelys. Die groot probleem wat na vore getree het, is dat 'n groot mate van vandalisme by die skool aanwesig is. Daar is gedurig inbrake en vensters wat gebreek word wat daartoe lei dat muurversierings sowel as meubels verniel word. Meubels is ook nie voldoende nie omdat leerlingtalle so vinnig gegroei het. Klaskamers is in sommige gevalle oorvol wat meebring dat daar geen beweegruimte is nie. Die skool beskik oor baie min skoonmaakpersoneel en klasse word nie gereeld skoongemaak nie. Leerlinge voel ook skepties oor die aangeleentheid en beskou dit as 'n vernedering om klaskamers skoon te maak.

Beligting in die klaskamers is nie voldoende nie as gevolg van vandalisme. Onvoldoende handboeke en onderrigmedia, byvoorbeeld truprojektors en ander hulpmiddele ontbreek om goeie onderrig te laat plaasvind.

41,5% onderwysers is van mening dat leerlinge en hulself veilig voel in hulle klasse terwyl die res van mening is dat die skool onveilig is vir leerlinge sowel as vir onderwysers. Die algemene gevoel is dat geen goeie sekuriteitsmaatreëls by die skool bestaan nie en dat buitepersone te maklik toegang tot die skool het.

4.10 ALGEMENE OPMERKINGS

Uit die algemene opmerkings wat die onderwysers gemaak het, kan die volgende riglyne gestel word:

- onderwysers moet in 'n groter mate positief ingestel wees teenoor die skool en moet poog om 'n positiewe klasklimaat te skep;
- onderwysers moet meer uitreik na leerlinge en ouers;
- onderwysers moet hulle vergewis van die nuutste metodes en tegnieke wat in die onderwys gebruik word en dat hulle hul moet voorberei vir uitkomsgebaseerde onderwys;
- onderwyser wat nog van die tradisionele onderrigmetode gebruik maak, sal moet verander na fasiliteerders in die klas;
- skoolbestuurders soos prinsipale, adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers moet opleiding ontvang oor hoe om 'n positiewe klasklimaat sowel as 'n skoolklimaat te skep, en
- onderwysers moet deurgaans hulle kwalifikasies verbeter en werkwinkels en seminare bywoon.

Die onderwysers het nie heelhartig saamgewerk in die voltooiing van die vraelys nie en baie inligting het ontbreek. Dit het dit baie moeilik gemaak om

'n algemene gevolgtrekking te kan maak ten opsigte van die onderwysers se mening oor die wyse waarop 'n positiewe klasklimaat geskep kan word.

4.11 SAMEVATTING

In die hoofstuk is 'n empiriese ondersoek van die huidige klasklimaat aan 'n bepaalde sekondêre skool gedoen om te bepaal watter didaktiese riglyne gevolg word vir die skep van 'n positiewe klasklimaat.

Die CES - vraelys is deeglik bespreek. Die nodige administratiewe prosedures is afgehandel sodat die ondersoek kon begin. Daar is ook verwys na die populasie, terugvoering van vraelyste wat ontvang is en die statistiese tegnieke wat gebruik is vir die ontleding van die vraelyste.

Die resultate is weergegee in tabelle sowel as grafieke, geïnterpreteer en volledig bespreek. Die bevindings is bespreek en bepaalde gevolgtrekkings is gemaak.

In hoofstuk vyf sal die navorser poog om 'n samevatting van die studie, die bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings te maak.

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

Dit is 'n algemeen aanvaarde feit dat die situasie in klaskamers verander het sedert die veranderinge in die nuwe onderwysstelsel van Suid-Afrika. Die onderwysers moet steeds poog om die beste van die situasie te maak. Tydens die studie is daar gepoog om die situasie moontlik te kan verander deur riglyne voor te stel wat deur onderwysers gebruik kan word om 'n positiewe klasklimaat te skep. In die hoofstuk word daar eerstens 'n samevatting gegee van die hele ondersoek; tweedens volg 'n opsomming van belangrike bevindings wat gemaak is, en laastens word daar aanbevelings gemaak vir verdere navorsing in die studieveld.

5.2 SAMEVATTING

Aan die begin van die ondersoek is daar vyf doelstellings geformuleer wat die eindpunt van die navorsing bepaal het. Die gestelde doelstellings behels die volgende:

- om te bepaal wat 'n positiewe klasklimaat is;
- watter didaktiese maatreëls lei tot 'n positiewe klasklimaat;
- om te bepaal wat die situasie tans aan 'n bepaalde sekondêre skool is;

- om te bepaal watter tegnieke of metodes gebruik kan word om 'n positiewe klasklimaat te skep of te probeer skep, en
- om didaktiese riglyne voor te stel om klasklimaat te optimaliseer.

Die volgende prosedure is gevolg om die ondersoek te loots:

In die eerste hoofstuk is die probleemstelling en motivering, die doel van navorsing, navorsingsmetode en hoofstukindeling uiteengesit.

In hoofstuk 2 het die navorser gekyk na die faktore wat klasklimaat beïnvloed deur eerstens na die begrip klasklimaat te kyk. Verskillende tipes klasklimaat is bespreek sowel as die kenmerke van 'n positiewe klasklimaat. Die faktore wat klasklimaat beïnvloed is daarna deeglik bespreek. Laastens is daar verskeie meetinstrumente bespreek vir die meting van klasklimaat. Die geskikste instrument vir die onderhawige navorsing was die *Classroom environmental scale* (CES-vraelys).

In hoofstuk 3 is daar gekyk na didaktiese riglyne vir die skep van 'n positiewe klasklimaat. Eerstens is daar gekyk na wat didaktiek is sowel as die begrip "riglyn" en "beginsel" omdat die twee begrippe soms misleidend kan wees en skrywers verskillende menings huldig rondom die begrippe. Die verskillende riglyne is bespreek, naamlik lesbeplanning, stimulerende omgewing, onderrigstyl, die hantering van groepwerk, effektiewe onderrig, orde, dissipline en klasbeheer, ouerbetrokkenheid, motivering en die bou van 'n positiewe selfbeeld by leerlinge.

Aan die einde van die hoofstuk is algemene riglyne aanbeveel wat onderwysers kan gebruik om 'n positiewe klasklimaat te skep.

In hoofstuk 4 is die meetinstrument verder bespreek en 'n vraelys is opgestel wat aan die onderwysers gegee is om hul mening in te win oor wat hulle doen tydens onderrig om 'n positiewe klasklimaat te skep. Vraelyste is aan die onderwysers sowel as die leerlinge gegee om te voltooi. Inligting is ingesamel en verwerk. Statistiese tegnieke vir die verwerking van data is bespreek.

Sekere bevindinge is gemaak ten opsigte van klasklimaat en die didaktiese riglyne wat gevolg kan word vir die skep van 'n positiewe klasklimaat.

5.3 OPSOMMING VAN BELANGRIKE BEVINDINGE TYDENS DIE ONDERSOEK

Eerstens is die verdeling van die leerlinge behandel omdat die skool bestaan uit Afrikaanssprekende leerlinge en swarttaalsprekende leerlinge. Die verdeling tussen die verskillende grade was redelik eweredig behalwe dat daar in graad 9 heelwat meer leerlinge is in vergelyking met die ander grade.

Tweedens is daar gekyk hoe die seuns en dogters klasklimaat beleef het. Dit wil voorkom of die seuns en dogters die klasklimaatveranderlikes baie dieselfde beleef, maar dat die dogters dit effens meer intens beleef as die seuns. Derdens is daar gekyk na hoe die twee taalgroepe klasklimaat beleef en daar is bevind dat ten opsigte van twee klimaatveranderlikes, naamlik groepsamehorigheid en rapport in 'n mate verskil alhoewel dit nie prakties betekenisvol is nie.

Ten opsigte van groepsamehorigheid is die persentasiegemiddeld hoër by die swartsprekende as by die Afrikaanssprekende leerlinge (vgl. 4.5.2) en dat rapport weer hoër is by Afrikaanssprekende as by swartsprekende leerlinge (vgl. 4.5.3).

Die data van die onderwysers se vraelyste is ontleed en bespreek. Hulle poog in 'n groot mate om die voorgestelde riglyne soos dit in die literatuur voorgehou word, toe te pas. Vandalisme en inbrake skep 'n groot probleem by die skool en dit blyk baie moeilik te wees om 'n fisiese omgewing te skep wat tot 'n positiewe leeromgewing bydra.

5.4 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

Die volgende aanbevelings word gemaak ten opsigte van verdere navorsing in die studieveld, naamlik:

- dat die studie by meer as een sekondêre skool gedoen moet word om 'n deeglike vergelyking te kan trek;
- klasklimaat in verskillende vakke gemeet moet word;
- daar na spesifieke tegnieke en metodes gekyk moet word vir die verskillende vakke omdat sekere riglyne nie veralgemeen kan word nie;
- dat daar tans by tersiêre inrigtings soos universiteite en opleidingskolleges vir onderwysers opleiding verskaf word om onderwysers te leer om goeie klimaatskeppers te wees.

5.5 TEN SLOTTE

Deurgaans in die studie het literatuur getoon dat 'n positiewe klasklimaat van kardinale belang is vir effektiewe onderrig en dat onderwysers 'n groot rol speel in die verband. Duidelike didaktiese riglyne is geïdentifiseer om 'n positiewe leerklimate te skep. Tydens inisiële en indiensopleiding sal onderwysers opgelei moet word om hierdie riglyne effektief toe te pas.

Die hoop word uitgespreek dat hierdie studie 'n bydrae sal lewer om meer effektiewe onderrig en leer in die sekondêre skole in Suid-Afrika te bewerkstellig.

BIBLIOGRAFIE

- ADKINS, A. & ROGERS, D. 1994. "We don't have rules. We have guidelines." *Teaching education*, 6(1):145-148.
- ANASTASI, I. 1988. *Psychological testing*. 6th ed. New York : Macmillan.
- AVENANT, P.J. 1980. *Riglyne vir suksesvolle onderwys*. Durban : Butterworth. 356p.
- BELL, T.H. 1976. *Active parent concern. A new home guide to help your child do better in school*. New Jersey : Prentice-Hall, INC.
- CAPEL, S., LEASK, M. & TURNER, T. 1995. *Learning to teach in the secondary school. A companion to school experience*. London : Routledge. 450p.
- COETSEE, L.D. 1996. *Die skep van 'n motiverende klimaat: 'n Praktiese gids vir die Suid-Afrikaanse bestuurder. Nagraadse Skool vir Bestuurswese. Potchefstroom : PU vir CHO. 224p.*
- COETZEE, J.H., MALAN, M.M. & STEYN, I.N. 1985. *Onderrig-leer in fokus*. Durban : Butterworth. 239p.
- COETZEE, M. 1995. *Klasklimaat vir die onderrig van Liggaamlike Opvoeding. Potchefstroom PU vir CHO. (Proefskrif - Ph. D.)*
- COLLINS, N. 1986. *New teaching skills*. Oxford : Oxford University Press. 143p.
- DE WET, J.J., MONTEITH, J.L. de K. & Van der WESTHUIZEN, G.J. 1986. *Opvoedende leer*. Durban : Butterworth. 470p.

- DE WET, J.J., MONTEITH, J.L. DE K., STEYN, H.S. & VENTER, P.A. 1981. Navorsingsmetodes in die opvoedkunde. Durban : Butterworth. 348p.
- DREESMAN, H. 1982. Classroom climate: contributions from a European country. *Studies in educational evaluation*, 8:53-64.
- DRINKWATER, M. 1993. Tug en dissipline in die klaskamer vanuit 'n didaktiese perspektief : 'n Werkboek. D223/93. Potchefstroom : PU vir CHO. (Sentrale Publikasies.) 31p.
- DU PREEZ, J.J. & MALAN, J.A. 1980. Die skepping van 'n positiewe opvoedingsklimaat in die klaskamer. *Die Unie*, 75(11):347-348, Mei.
- DUKE, D.L. 1990. Teaching: an introduction. University of Virginia. McGraw - Hill Publishing Company. 325p.
- DUMINY, P.A. & SÖHNGE, W.F. 1981. Didaktiek: teorie en praktyk. Kaapstad : Maskew Miller Longman. 232p.
- FERGUSON, F. 1995. The personal touch of the teachers with adolescents. *Clearing House*, (69):73-74, Nov-Dec.
- FONTANA, D. 1986. Classroom Control. Psychology in action. London : Methuen & Co. Ltd. 186p.
- FOX, R.S. 1974. School climate improvement: a challenge to the school administrator. *Phi Delta Kappan*, 141p.
- FRASER, W.J., LOUBSER, C.P. & VAN ROOY, M.P. 1990. Didaktiek vir die voorgraadse student. Durban : Butterworth. 203p.
- FRASER, B.J. 1991. Two decades of classroom environment research. (In Fraser, B.J. & Walberg, H.J., eds. Educational environment. New York : Pergamon Press. p. 3-27).
- FRASER, B.J., GIDDINGS, G.J., & Mc ROBBIE, C.J. 1992. Assessing the climate of science laboratory classes. *National key centre for school science and mathematics*, 8:8.

- GRIESSEL, G.A.J., LOUW, G.J.J. & SWART, C.A. 1986. Grondbeginsels van opvoedende onderwys. Pretoria : Acacia Books. 225p.
- GUNTER, M.A., ESTES, T.H. & SCHWAB, J.H. 1990. Instructions: a models approach. United States of America : Allyn & Bacon. 269p.
- HARGREAVES, D.H. 1975. Interpersonal relationships and education. London : Routledge & Kegan Paul.
- HAT
kyk ODENDAL, F.F., *red.*
- HAUKOOS, G.D. & PENICK, J.E. 1987. Interaction effect of personality characteristics, classroom climate, and science achievement. *Science education*, 71(5):735-743, Dec.
- HOPKINS, D. 1993. A teacher's guide to classroom research. Philadelphia : Open University Press. 238p.
- JANSEN, E. 1994. Wonderful lessons from the greatest teacher ever. *Educamus*, 40(1):26-27.
- JONKER, L.J.G. 1992. Business economics didactics: teaching methods, aids and evaluation. Pretoria : Academica, J.L. van Schaik. 119p.
- KELLY, E.A. 1980. Improving school climate: leadership techniques for principles. Reston : VA. 22091.
- KOHN, A. 1996. What to look for in a classroom? *Educational leadership*, 54-55, Sep.
- KROGH, S. 1985. He who laughs first: the importance of humor to young children. *Early child development and care*, 20:287-299.
- KRUGER, A.G. & Van SCHALKWYK, O.J. 1992. Klaskamerbestuur. Pretoria : Academica. 201p.

- KYRIACOU, C. 1992. Essential teaching skills. Hemel Hempstead : Simon & Schuster Education. 150p.
- LANDMAN, W.A. 1985. Fundamentele pedagogiek en kurrikulumstudie. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. 182p.
- LANG, H.R., McBEATH, A. & HEBERT, J. 1995. Teaching strategies and methods for student-centred instructions. Canada : Harcourt Brace. 537p.
- MACADAM, B. 1985. Humor in the classroom: implications for the Bibliographic Instruction Librarian. *College and research libraries*, 327-333, July.
- MASLOW, A.H. 1954. Motivation and personality. New York : Harper.
- McCABE, M. & RHOADES, J. 1988. The nurturing classroom. Willits, Calif. : ITA Publication. 357p.
- McMANUS, M. 1989. Troublesome behaviour in the classroom: Teachers' Survival Guide. London : Routeledge. 171p.
- MENTZ, P.J. 1990. Organisasieklimaat in sekondêre skole. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif - D.Ed.)
- MOORE, K.D. 1989. Classroom teaching skills: a primer. New York : Random House.
- MOOS, R.H. 1979. Evaluating educational environments. San Francisco : Jossey Bass Publishers.
- ODENDAL, F.F., SCHOONEES, P.C., SWANEPOEL, C.J., DU TOIT, S.J., & BOOYSEN, C.M. 1988. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 2de uitg. Johannesburg : Perskor. 1378 p.
- PETTY, G. 1993. Teaching today: a practical guide. Great Britain : Redwood Books. 375p.

- PINTRICH, P.R. & SCHUNK, D.H. 1996. Motivation in education: theory, research, and applications. Englewood Cliffs, NJ : Prentice Hall Inc. 434p.
- PRETORIUS, C.Z.S. 1989. Die daarstelling van 'n effektiewe leerklimaat as onderwyskundige vaardigheid. Johannesburg : Randse Afrikaanse Universiteit. (M.Ed. - skripsie.) 118p.
- PRETORIUS, J.W.M. 1982. Kommunikasie in die klaskamer. Pretoria : J.L. van Schaik. 172p.
- QUINONES, N. 1987. Creating the climate for safe, effective schools. *The Transvaal Educational News*, 85(6):16, Jun.
- ROBERTSON, J. 1996. Effective classroom control: understanding teacher - student relationships. London : Redwood Books. 240p.
- SAS INSTITUTE INC, NC, USA. 1996. The SAS system for windows release.
- SAS INSTITUTE INC. 1988. SAS procedure guide release. 6.03 Edition.
- SAVAGE, T.V. 1991. Discipline for self-control. New Jersey : Prentice Hall. 232p.
- SCHEEPERS, E.I. 1995. Klasklimaat by Bybelonderrig in sekondêre skole. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie - M.Ed.)
- SCHMUCK, R.A. & SCHMUCK, P.A. 1976. Group process in classroom. Dubuque, Iowa : Brown
- SEARS, D.O., FREEDMAN, J.L. & PEPLAU, L.A. 1985. Social Psychology. New Jersey : Prentice-Hall, Inc. 531p.
- SEILER, W.J., SCHUELKE, L.D. & LIEB-BRILHART, B. 1984. Communication for the temporary classroom. New York : Holt Rinehart & Winston. 215.
- SHAPIRO, S. 1993. Strategies to create a positive classroom climate. *Clearing House*, 67(2):91-97, Nov-Dec.

- STELLWAG, H.W.F., VUYK, R. & VAN DE GRIEND, P.C. 1967. De leraar en zijn klas. Amsterdam : J.B.Wolters Groningen. 141p.
- STEYN, H.S.(jr). 1999. Praktiese beduidenheid: die gebruik van effekgroottes. Wetenskaplike bydraes, Reeks B: Natuurwetenskappe nr.117. Publikasiebeheer Komitee. Potchefstroom : P U vir CHO.
- STEYN, I.N. 1990. Onderrig-leer as wyse van opvoeding. Durban : Butterworth. 125p.
- VAN DER WESTHUIZEN, J.G.L. 1979. Handleiding vir die gebruik van sielkundige en skolastiese toetse as hulpmiddels by skoolvoortligting. Pretoria : RGN. (RGN-voortligtingreeks VR-2.)
- VREKEN, N.J. 1997. Mondelinge mededeling aan student. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
- VREKEN, N.J. & DRINKWATER, M. 1997. Mikro-onderrig: studiegids en werkboek vir onderwysstudente. Noordbrug : Keurkopie. 70p.
- WOLFENDALE, S, & TOPPING, K. 1996. Family involvement in literacy: effective partnership in education. London : Redwood Books. 196p.
- WUBBELS, Th., BREKELMANS, M., & HOOYMAYERS, H. 1988. Interpersonal teacher behavior in the classroom. (Paper presented at third conference of International Study Association on teacher thinking, Nottingham).
- ZABEL, R.H. & ZABEL. M.K. 1996. Classroom management in context: orchestrating positive learning environments. New York : Houghton Mifflin 388p.

BYLAAG A: KORRESPONDENSIE

Posbus 299
Klerksdorp
2570
7 Mei 1998

Die Prinsipaal
Mnr. C.G.Olivier
Alabama Sekondêre Skool
ALABAMA
2577

Geagte Heer

'N EMPIRIESE ONDERSOEK AAN ALABAMA SEKONDÊRE SKOOL.

Ek is tans 'n deeltydse M.Ed.-student aan Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

My studie is goedgekeur deur die univeristeit en ek werk oor die navorsingstema:


Didaktiese riglyne vir die skep van 'n positiewe klasklimaat aan 'n sekondêre skool.

Graag wil ek u vriendelik versoek om die empiriese ondersoek by Alabama Sekondêre Skool te doen. Ek beoog om die ondersoek te loods deur middel van 'n gestruktureerde vraelys aan al die onderwysers en die leerlinge te gee om wat die huidige klasklimaat aan die skool is te bepaal.

Alle data sal met behulp van die rekenaar verwerk word. Hulp sal verkry word van die PU vir CHO se Statisitiese Konsultasiediens tydens die finalisering van die vraelys en die verwerking van data.

Die vraelys word internasionaal gebruik. Geen kind of onderwyser se name wat by die navorsing betrek is, sal bekend gemaak word nie. Die rede vir die skrywe is om u skriftelike goedkeuring daaraan te heg.

Dankie vir u samewerking in die verband.



Mnr. A.D. Abdool



Sekondêre Skool **ALABAMA** Secondary School

Posbus/PO Box 303, Alabama, 2577

Tel: (018) 467-5031 / 467-5132

Faks/Fax: (018) 467-5260

14 Mei 1999

Geagte Mnr A.D. Abdool

Na aanleiding van u skrywe gedateer 7 Mei 1999 verleen ek toestemming aan u om u empiriese studie voort te sit aan bogenoemde skool.

My wense vergesel u.

Mnr. C. G. Olivier
Prinsipaal

Posbus 299
Klerksdorp
2570
7 Mei 1998

Die Kringbestuurder
Mnr Mooketsi
Noordwes Onderwysdepartement
Klerksdorp-Weskring
KLERKSDORP
2570

Geagte Heer

'N EMPIRIESE ONDERSOEK AAN ALABAMA SEKONDÊRE SKOOL.

Ek is tans 'n deeltydse M.Ed.-student aan Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

My studie is goedgekeur deur die univeristeit en ek werk oor die navorsingstema:


Didaktiese riglyne vir die skep van 'n positiewe klasklimaat aan 'n sekondêre skool.


Graag wil ek u vriendelik versoek om die empiriese ondersoek by Alabama Sekondêre Skool te doen. Ek beoog om die ondersoek te loods deur middel van 'n gestruktureerde vraelys aan al die onderwysers en die leerlinge te gee om wat die huidige klasklimaat aan die skool is te bepaal.

Alle data sal met behulp van die rekenaar verwerk word. Hulp sal verkry word van die PU vir CHO se Statistiese Konsultasiediens tydens die finalisering van die vraelys en die verwerking van data.

Die vraelys word internasionaal gebruik. Geen kind of onderwyser se name wat by die navorsing betrek is, sal bekend gemaak word nie. Die rede vir die skrywe is om u skriftelike goedkeuring daaraan te heg.

Dankie vir u samewerking in die verband.


.....
Mnr A D Abdool



DEPARTMENT OF EDUCATION
NORTH WEST PROVINCE

PRIVATE BAG X2044, MMABATHO, 2735 DR JAMES MOROKA DRIVE,
GARONA BUILDING PHONE (0140) 87 3428 FAX (0140) 87 3775

ENQUIRIES: R.S. MOEKETSI
PRIVATE BAG X5057
KLERKSDORP 2570
TEL: (018) 462-6593

WEST END BUILDING
SADDLE STREET
KLERKSDORP

17 May 1999

RE-PERMISSION TO CONDUCT A RESEARCH

Permission is hereby granted to Mr A.D. Abdool to conduct a research at
Alabama Secondary School for the purpose of achieving his MED Studies.

Thank you


S.R. MOEKETSI
K/DORP-WEST CIRCUIT MANAGER

BYLAAG B

VRAELYS AAN ONDERWYSERS

VRAELYS AAN ONDERWYSERS I.V.M DIE SKEPPING VAN 'N KLAS-KLIMAAT

AANWYSINGS

U hoef nie u naam op die vraelys te skryf nie.

Beantwoord asseblief alle vrae.

Daar is nie 'n "regte" of "verkeerde" antwoord nie. Dit is u mening waarin ek belangstel. Dink mooi na oor hoe dinge werklik verloop in u klas.

Dankie vir samewerking in die verband.

A KLIMAATVERANDERLIKES

Watter maatreëls tref u as onderwysers ten opsigte van die volgende klimaatveranderlikes tydens u klasaanbieding?

1.1 Leerlingbetrokkenheid.....

.....

.....

.....

.....

1.2 Groepsamehorigheid.....

.....

.....

.....

.....

1.3 Rapport (gemaklike en openlike verhouding van wedersydse vertroue)

.....

.....

.....

.....

1.4 Taakgerigtheid

.....

.....

.....

.....

1.5 Klasbeheer

.....

.....

.....

.....

1.6 Klasreëls

.....

.....

.....

.....

2. Dink u dat die bogenoemde veranderlikes vir die skep van 'n positiewe klasklimaat belangrik is? Motiveer u antwoord.....

.....

.....

.....

.....

3. Bereik u, u doel tydens onderrig met betrekking tot die veranderlikes? Verduidelik.

.....

.....

.....

4. Wat is u mening van die volgende riglyne wat moontlik gebruik kan word vir die skep van 'n positiewe klasklimaat?

.....

.....

.....

.....

- 4.1 Lesbeplanning.....
.....
.....
.....
- 4.2 Die gebruik van humor.....
.....
.....
.....
- 4.3 Nieverbale kommunikasie.....
.....
.....
.....
- 4.4 Groepwerk.....
.....
.....
.....
- 4.5 Demokratiesing (onderrigstyl).....
.....
.....
.....
- 4.6 Orde, dissipline en klasbeheer.....
.....
.....
.....
- 4.7 Ouerbetrokkenheid.....
.....
.....
.....

4.8 Motivering.....
.....
.....
.....

4.9 Die bou van 'n positiewe selfbeeld.....
.....
.....
.....

5. Watter ander tegnieke of metodes gebruik u as onderwyser(es) om 'n positiewe klasklimaat te skep?
.....
.....
.....

B. FISIESE OMGEWING

6. Hoe rangskik u die skoolbanke in u klaskamer?
.....
.....
.....

7. Maak u gebruik van muurversierings in u klaskamer? Verduidelik.
.....
.....
.....

8. Sou u sê dat die beweegruimte in u klaskamer voldoende is vir u sowel as die leerlinge. Motiveer.
.....
.....
.....

9. Is daar goeie ventilasie in u klaskamer?
-
-
-
-
10. Is u klaskamer ten alle tye skoon en netjies ? Verduidelik.
-
-
-
-
11. Dink u as onderwyser dat u leerlinge veilig voel in u klaskamer?
-
-
-
-
12. Is die beligting in u klas voldoende?
-
-
-
-

ALGEMENE OPMERKINGS

Het u enige ander voorstelle wat gebruik kan word deur onderwysers wat 'n positiewe invloed kan hê vir die skep van 'n positiewe klasklimaat?

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

Nogmaals dankie vir u samewerking.

BYLAAG C

VRAELYS AAN LEERDERS

ENGLISH

EVALUATION OF CLASSROOM CLIMATE (CES)

Record number (1-3)

Name of school:			(4)
Standard:			(5)
Your gender:			(6)

DIRECTIONS

This questionnaire contains statements about practices which could occur in this classroom. You will be asked how often each practice actually happens.

There are no "right" or "wrong" answers; it is your actual opinion that I am interested in.

Think about how well each statement describes what your actual classroom is like.

Put a cross in the appropriate square.

Be sure to answer all questions

1 – if the practice happens almost never

2 – if the practice happens seldom

3 – if the practice happens sometimes

4 – if the practice happens regulary

5 – if the practice happens almost always

1.	Students put a lot of energy into what they do in this class.	1	2	3	4	5	(7)
2.	In this class students get to know each other well.	1	2	3	4	5	(8)
3.	The teacher spends time just talking to students.	1	2	3	4	5	(9)

4.	We spend more time discussing outside student activities than class-related matters.	1	2	3	4	5	(10)
5.	This is a well-organized class.	1	2	3	4	5	(11)
6.	There is a clear set of rules for students.	1	2	3	4	5	(12)
7.	Students daydream in this class and pay little attention.	1	2	3	4	5	(13)
8.	Students in this class are interested in getting to know each other.	1	2	3	4	5	(14)
9.	The teacher takes a personal interest in the students.	1	2	3	4	5	(15)
9.	Getting a certain amount of classwork done is very important in this class.	1	2	3	4	5	(16)
11.	Students are calm and relaxed in this class	1	2	3	4	5	(17)
12.	Rules change in this class.	1	2	3	4	5	(18)
13.	Students are "clockwatching" in this class.	1	2	3	4	5	(19)
14.	Friendships have been made in this class.	1	2	3	4	5	(20)
15.	The teacher is more like a friend than an authority.	1	2	3	4	5	(21)
16.	Students don't do much work in this class.	1	2	3	4	5	(22)
17.	Students fool around in this class.	1	2	3	4	5	(23)
18.	The teacher explains clearly what will happen if a student breaks the rules.	1	2	3	4	5	(24)
19.	Most students in this class really pay attention to what the teacher says.	1	2	3	4	5	(25)
20.	It's easy to get a group together for a class project.	1	2	3	4	5	(26)
21.	The teacher goes out of his/her way to help students.	1	2	3	4	5	(27)
22.	This class is more a social hour than a place to learn.	1	2	3	4	5	(28)
23.	This class is unnecessarily noisy.	1	2	3	4	5	(29)
24.	The teacher explains what the rules are and stick to them.	1	2	3	4	5	(30)

AFRIKAANS

METING VAN KLASKLIMAAT (CES)

Rekordnommer 1-3

Naam van skool:			4
Standerd:			5
Geslag:			6

AANWYSINGS

Hierdie vraelys bevat stellings oor dinge wat moontlik gebeur tydens periodes. U moet aandui hoe dikwels elke aktiwiteit plaasvind.

Daar is nie "regte" of "verkeerde" antwoorde nie. Dit is u mening waarin ek belangstel.

Dink mooi na oor hoe akkuraat elke stelling die verloop van die klas in werklikheid beskryf. *Kies dan 'n antwoord en maak 'n kruis in die blokkie van u keuse.*

Maak seker dat u vir elke vraag 'n antwoord aandui.

- 1 – die aktiwiteit vind amper nooit plaas nie.**
- 2 – die aktiwiteit vind selde plaas.**
- 3 – die aktiwiteit vind soms plaas.**
- 4 – die aktiwiteit vind gereeld plaas.**
- 5 – die aktiwiteit vind feitlik altyd plaas.**

1.	Daar word hard gewerk in hierdie klas.	1	2	3	4	5	(7)
2.	In hierdie klas leer die leerlinge mekaar goed ken.	1	2	3	4	5	(8)
3.	Die onderwyser gesels soms sommer net lekker met die leerlinge.	1	2	3	4	5	(9)
4.	Ons bestee meer tyd aan die bespreking van buite-aktiwiteite as aan klaswerk.	1	2	3	4	5	(10)
5.	In hierdie klas is alles goed georganiseerd.	1	2	3	4	5	(11)
6.	In hierdie klas geld 'n duidelike stel klas-reëls wat die leerlinge moet gehoorsaam.	1	2	3	4	5	(12)

7.	In hierdie klas gee die leerlinge nie baie aandag nie en sit hulle lekker en dagdroom.	1	2	3	4	5	(13)
8.	In hierdie klas doen die leerlinge moeite om mekaar beter te leer ken.	1	2	3	4	5	(14)
9.	Die onderwyser stel persoonlik belang in die leerlinge.	1	2	3	4	5	(15)
9.	Om 'n sekere hoeveelheid klaswerk af te handel, is in hierdie klas baie belangrik.	1	2	3	4	5	(16)
11.	In hierdie klas is die leerlinge rustig en ontspanne.	1	2	3	4	5	(17)
12.	Klasreëls verander in hierdie klas.	1	2	3	4	5	(18)
13.	Leerlinge wens die periode om	1	2	3	4	5	(19)
14.	Vriendskappe word in hierdie klas gesluit.	1	2	3	4	5	(20)
15.	Hierdie onderwyser kan werklik as 'n vriend(in) van die leerlinge beskou word.	1	2	3	4	5	(21)
16.	Die leerlinge doen nie juis veel tydens hierdie periodes nie.	1	2	3	4	5	(22)
17.	Die leerlinge skeer gek in hierdie klas.	1	2	3	4	5	(23)
18.	Die onderwyser stel duidelik wat sal gebeur as 'n leerling die klasreëls oortree.	1	2	3	4	5	(24)
19.	Die meeste leerlinge luister gewoonlik baie aandagtig as die onderwyser iets sê.	1	2	3	4	5	(25)
20.	Dit is maklik om groepe vir 'n klasprojek saamgestel te kry.	1	2	3	4	5	(26)
21.	Hierdie onderwyser doen baie moeite om die leerlinge te help.	1	2	3	4	5	(27)
22.	Hierdie klas is meer 'n sosiale geleentheid as 'n plek waar geleer word.	1	2	3	4	5	(28)
23.	Hierdie periodes is onnodig luidrugtig.	1	2	3	4	5	(29)
24.	Hierdie onderwyser stel duidelik watter klasreëls geld en pas dit konsekwent toe.	1	2	3	4	5	(30)